

M.T. - 7

AF✓.



# **die epileptiese leerling in standerd ses**

**raad vir geesteswetenskaplike navorsing**

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

## BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

HSRC

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



### Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

### Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

**SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING****RGN-BIBLIOTEEK****HSRC LIBRARY**

  
RGN-HSRC
**VERVALDATUM/DATE DUE**

**DERD SES WAT NIE  
WYS ONTVANG NIE**

*F. B. SMITH, B.A.*

**INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING**

**DIREKTEUR: W. VERHOEF**

0 0 0 0 4 4 2 5 0 0

**2844363866****PRETORIA****1971**

Verslag nr. MT-7

Obtainable in English

Durvil—19483—9-71

Kopiereg voorbehou

001,3072068 HSRC MT 7



\* 0 4 4 2 5 0 \*


**ISBN 0 86965 018 1  
(English Edition ISBN 0 86965 019 X)**

## VOORWOORD

Dit is in Suid-Afrika beleid om spesiale skole in te stel vir leerlinge wie se fisiese of geestelike gebreke van so 'n aard en omvang is dat hulle weinig by gewone onderwys kan baat. In die spesiale skole ontvang sulke leerlinge onderwys van persone wat deskundiges ten opsigte van die betrokke belemmering is. So is daar spesiale skole vir onder andere dowses en blindes, leerlinge met liggaamlike gebreke en epileptici.

Met die Talentopnameprogram in 1965 is daar 291 standerd 6-leerlinge in gewone skole gevind wat beweer het dat epilepsie hulle grootste enkele probleem is. Hierdie verslag handel oor die agtergrond, intellektuele vermoë, skolastiese prestasie, persoonlikheid en algemene aanpassing van hierdie leerlinge en is 'n bydrae tot die bestaande kennis oor die besondere probleem van epileptiese kinders wat hulle in gewone skole bevind.

*P. M. Robertson*  
P R E S I D E N T





## ERKENNING

Die gegewens wat in hierdie ondersoek gebruik is, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se mannekragpotensiaal is en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Die projek is met die samewerking van al die onderwysdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika asook die verenigings van kerk- en privaat skole onderneem.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel het en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, tans President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UOVS en dr. A.B. Fourie, tans Direkteur van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die RGN. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, Instituut vir Mannekragnavorsing en dr. W.L. Roos, Hoofnavorsingsbeampte, Instituut vir Mannekragnavorsing. Die toetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste wat gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is. Persone, behalwe bovenoemdes, wat ook ten nouste met Talentopname gemoeid is, is die volgende:

- (i) Personeellede:
  - (a) Dr. J.D. Venter, Vise-president van die RGN
  - (b) Talentopnamekomitee:
    - Dr. A.J. van Rooy, Vise-president van die RGN
    - Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
    - Dr. F.A. Fouché, HNB, Instituut vir Psigometriese Navorsing
  - (c) Instituut vir Mannekragnavorsing:
    - Mnr. U.J. van der Walt, HNB
    - Mnr. F.B. Smith, SNB
    - Mnr. G.F. Starker, SNB
  - (d) Instituut vir Statistiese Navorsing:
    - Mnr. A.R. van den Berg, HNB
- (ii) Advieskomitee vir Talentopname (uitgesonderd personeellede)
  - Dr. N.J. Heyns, Kaaplandse Onderwysdepartement
  - Dr. J.C. Groenewald en mnr. H.J. van der Merwe, Transvaalse Onderwysdepartement
  - Dr. A.C. Böhmer, Onderwysdepartement van die OVS.
  - Dr. H.A. Coetzee, Natalse Onderwysdepartement
  - Dr. C.H. de C. Murray, Departement van Nasionale Opvoeding
  - Mnr. R.G. Post, Onderwysdepartement van SWA
  - Brother Smith, Vereniging van Kerkskole (tans mev. T.A. Nixon)
  - Mnr. A.R.A. Murray, Vereniging van Privaatskole
  - Prof. G.J. Jordaan, Nasionale Onderwysraad (tans mnr. P.W. du Plooy)

Daarby word met dank verwys na die meer as 1 000 persone, meesal onderwysers, wat by die skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het en personeellede van die sielkundige en voorligtingsdienste van al die onderwysdepartemente wat toetsafnemers opgelei het en belangrike skakels in die groot organisasie van die toetsprogramme was. Die sukses van Talentopname word ook aan die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat betrokke is, toegeskryf. Laastens word met dank van die Departement van Nasionale Opvoeding melding gemaak wat 'n IBM 1230-optiese lesers asook hul IBM 360-rekenaar beskikbaar gestel het.



## INHOUD

BLADSY

1	INLEIDING EN DOELSTELLING	1
1.1	Agtergrond	1
1.2	Doel met die ondersoek	1
1.3	Wat is epilepsie	1
1.4	Navorsing insake epilepsie	4
1.5	Spesiale onderwys vir epileptici in Suid-Afrika	8
2	METODE VAN ONDERSOEK	10
2.1	Meetinstrumente	10
2.2	Die ondersoekgroep	13
2.3	Die kontrolegroep	14
2.4	Beduidendheid van verskille	15
3	AGTERGROND EN VERBANDHOUDENDE ASPEKTE	16
3.1	Inleiding	16
3.2	Geslag	16
3.3	Ouderdom	17
3.4	Gesondheidstoestand	17
3.5	Afwesigheid van skool	18
3.6	Huistaal	18
3.7	Ouers se onderwyskwalifikasies	19
3.8	Vader se beroep	20
3.9	Leerlinge se beroepskeuses	20
3.10	Onderwysaspirasies	22
3.11	Ouers se verwagting ten opsigte van die kind se geleerdheid	22
3.12	Ouers se finansiële vermoë om leerlinge tot standerd 10 te laat leer	23
3.13	Ouers se finansiële vermoë ten opsigte van universiteitsopleiding	24
3.14	Getal kinders in die gesin	24
3.15	Posisie in die gesin	25
3.16	Medium van onderrig	26
3.17	Provinsie waarin skool geleë is	26
3.18	Soort skool	27
3.19	Toetredingsouderdom	29
3.20	Standerds oorgeslaan	30
3.21	Druiping op skool	30
3.22	Houding teenoor skoolgaan	31
3.23	Houding teenoor skoolreëls	32
3.24	Houding teenoor huiswerk	32
3.25	Houding teenoor sport	32
3.26	Houding teenoor geleerdheid	33
3.27	Deelname aan skoolaktiwiteite	33
3.28	Stokperdjies	34
3.29	Samevatting	35
4	KLASONDERWYSERS SE BEOORDELING VAN DIE LEERLINGE	37
4.1	Inleiding	37
4.2	Leierseienskappe	37
4.3	Prestasie op sportgebied	37
4.4	Stokkiesdraaiery	39
4.5	Invloed van afwesigheid op skoolprestasie	39
4.6	Samewerking met onderwysers	40
4.7	Ywer ten opsigte van skoolwerk	41
4.8	Kans om standerd 10 te slaag	42
4.9	Omgang met medeskoliere	43
4.10	Hoogste standerd wat die leerlinge kan slaag	43
4.11	Samevatting	44

5	INTELLEKTUELE VERMOË EN PRESTASIE IN SKOLASTIESE TOETSE EN SEKERE SKOOLVAKKE	45
5.1	Inleiding	45
5.2	Intellectuele vermoë	45
5.3	Prestasie in skolastiese toetse	49
5.4	Prestasie in eksamenvakke	50
5.5	Samevatting	51
6	PERSOONLIKHEID	52
6.1	Inleiding	52
6.2	Bespreking	52
6.3	Samevatting	55
7	AANPASSING	56
7.1	Inleiding	56
7.2	Bespreking	56
7.3	Samevatting	57
8	SLOT EN AANBEVELINGS	59
8.1	Algemene samevatting	59
8.2	Aanbevelings	60
8.3	Slot	61
	LITERATUURVERWYSINGS	62

## TABELLE

TABEL

BLADSY

2.1	BESKRYWING VAN DIE HSPV-FAKTORE	11
2.2	VERDELING VAN DIE UNIVERSUM VAN ST.6-LEERLINGE VOLGENS KWALE WAAR= MEE HULLE DIE MEESTE MOEILIKHEID ONDERVIND	14
3.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESLAG	16
3.2	GEMIDDELDE OUDERDOM VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE UNIVERSUM TYDENS DIE TALENTOPNAMEPROGRAM IN 1965	17
3.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESONDHEIDSTOESTEAND	17
3.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL DAE VAN DIE SKOOL AFWESIG	18
3.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HUISTAAL	18
3.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE ONDERWYSKWALIFIKASIES	19
3.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VADER SE BEROEP	20
3.8	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BEROEPSKEUSES	21
3.9	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSASPIRASIES	22
3.10	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE OUERS SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN HOE VER HULLE KIND MOET LEER	23
3.11	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIEËLE VERMOË OM HULLE TOT STANDERD 10 TE LAAT LEER	23
3.12	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIEËLE VERMOË TEN OPSIGTE VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING	24
3.13	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN	25
3.14	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS POSISIE IN DIE GESIN	25
3.15	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS MEDIUM VAN ONDERRIG	26
3.16	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEë IS	26
3.17	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SOORT SKOOL VOLGENS BEHEER GEDURENDE 1965	27
3.18	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOETREDINGSOUERDOM	29
3.19	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS STANDERDS OORGESLAAN	30
3.20	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DRUIPING OP SKOOL	30
3.21	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR SKOOLGAAN	31
3.22	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR SKOOLREëLS	32
3.23	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR HUISWERK	32
3.24	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR SPORT	33
3.25	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR GELEERDHEID	33
3.26	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL AKTIWITEITE WAARAAN HULLE DEELNEEM	34
3.27	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL STOKPERDJIES	34
4.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSER SE BEOORDELING TEN OPSIGTE VAN TEKENS VAN LEIERSKAP	37
4.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE OP SPORTGEBIED	38
4.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE STOKKIESDRAAI	39
4.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE INVLOED VAN HERHAALDE AFWESIG= HEID OP SKOOLPRESTASIE	40
4.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SAMEWERKING MET ONDERWYSERS	40

4.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS YWER TEN OPSIGTE VAN SKOOLWERK	41
4.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS KANS OM STANDERD 10 TE SLAAG	42
4.8	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OMGANG MET MEDESKOLIERE	43
4.9	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOOGSTE STANDERD WAT HULLE KAN SLAAG	44
5.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE IK-PUNTE	45
5.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE IK-STANEGES	45
5.3	INDELING VAN LEERLINGE SE IK-PUNTE VOLGENS DIE WECHSLER-SKAAL	47
5.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE STANEGEPUNTE IN DIE SKOLASTIESE TOETSE	49
5.5	DIE 1965-STANDERD 6-EINDEKSAMENPUNTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE UNIVERSUM TEN OPSIGTE VAN SEKERE SKOOLVAKKE	50
6.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE STANEGEPUNTE BEHAAL OP DIE VELDE VAN DIE HSPV (SEUNS)	52
6.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE STANEGEPUNTE BEHAAL OP DIE VELDE VAN DIE HSPV (DOGTERS)	53
7.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE GEMIDDELDE ROUPUNTTELLINGS OP DIE AANPASSINGSVRAELYS	56

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING EN DOELSTELLING

#### 1.1 AGTERGROND

Gedurende 1965 is projek Talentopname van stapel gestuur, waartydens alle Blanke standerd 6-leerlinge in gewone skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika aan 'n omvattende battery toetse en vraelyste onderwerp is. Hierdie 69 908 leerlinge word vir praktiese doeleindes as die universum van 1965 se standerd 6-leerlinge beskou.

Die br̄s doelstelling met projek Talentopname is om 'n antwoord te vind op die vraag: WAT IS ONS LAND SE BLANKE MANNEKRAGPOTENSIAAL en om gegewens be=skikbaar te stel om hierdie potensiaal TOT DIE MAKSIMUM TE LAAT ONTWIKKEL.

Hieruit vloei die volgende doelstellings, naamlik:

- (i) Om 'n raming van die Blanke mannekragpotensiaal van Suid-Afrika te verkry en
- (ii) die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van dié mannekragpotensiaal beïnvloed, dit wil sê, bevorder of strem.

Besonderhede oor die doel en eksperimentele opset van projek Talentopname (30) en die 1965-Talentopnameprogram (32) is reeds gepubliseer en word nie in hierdie verslag herhaal nie.

Met behulp van die gegewens wat deur middel van Talentopname verkry is, kan verskillende groepe leerlinge met die oog op (ii) hierbo geïdentifiseer word. Voorbeeld van sulke groepe leerlinge is leerlinge met 'n bogemiddelde of ondergemiddelde verstandelike vermoë, skoolverlaters, onderpresteerders en leerlinge met fisiese of psigiese gebreke.

Hierdie verslag handel oor 'n baie spesifieke groepie leerlinge, naamlik diegene wat aangedui het dat epilepsie vir hulle 'n probleem is. Alhoewel dit 'n relatief klein groepie leerlinge is, word dit as belangrik beskou dat ook ten opsigte van hulle vasgestel moet word in watter mate hulle ontwikkeling as gevolg van hulle besondere probleem gestrem word.

#### 1.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met hierdie ondersoek is om epileptiese leerlinge op standerd 6-vlak met die universum van standerd 6-leerlinge te vergelyk om sodoende 'n beter beeld van die epileptiese leerling in die gewone skool te verkry. Verge=lykings word getref ten opsigte van agtergrond, persoonlikheid, aanpassing, intellektuele vermoë, skoolprestasie en prestasie in sekere skolastiese toetse.

#### 1.3 WAT IS EPILEPSIE

Epilepsie is sedert die vroegste tye aan die mensdom bekend en heelwat bygelowe en wanopvattings het ten opsigte van hierdie siekte ontstaan. Die ou Griekse het byvoorbeeld gesprok van die "heilige siekte" aangesien 'n epileptiese aanval vir hulle beteken het dat 'n persoon deur een van die wispelturige gode aangeval of ingeneem is (8).

Die begrip "epilepsie" is van Griekse oorsprong en beteken 'n toestand waarin 'n persoon aangeval, gegryp of bemeester word. Die werkwoord is passief en impliseer dat een of ander mag van buite die persoon die aanvalswerk doen. Volgens die antieke siening was hierdie mag iets of iemand van duiwelse of goddelike oorsprong (3).

Ander benamings wat al aan die epileptiese toestand gekoppel was, is "the grievous disorder", "the rod of Christ", "the evil being", "the bad sickness", "the brutal disease" en "the black disease". Hierdie benamings het almal een aspek in gemeen, naamlik die implikasie van iets wat afsku, vrees of jammerte verwek (3, bl. 40).

Gedurende die middel van die sestiende eeu word epilepsie vir die eerste keer sy mistieke kleed ontnem toe Charles de Pois (1963-1936) die vermoede uitgespreek het dat die oorsaak van alle vorms van epileptiese aanvalle in die brein setel. Teen die einde van die agtiende eeu het die Franse fisioloog, Tissot, 'n verdere voorwaartse stap gedoen deur epilepsie aan definitiewe breinletsels soos besering en gewasse te koppel. Nog 'n honderd jaar het verloop voor die Engelse neuroloog, Hughlings Jackson, sy belangrike uitspraak gedoen het, naamlik dat 'n epileptiese aanval as die onmiddellike gevolg van "sudden, excessive and rapid discharge of grey matter" gedefinieer moet word (aangehaal deur Kok, 8, bl. 2.).

Gibbs beweer dat die korrektheid van Jackson se definisie bewys word deur middel van die meting van die elektriese impulse van die brein en die aanduidings van abnormale elektriese ontladings, wanneer 'n persoon 'n epileptiese aanval kry. Gibbs sê vervolgens: "We know for certain that epilepsy is the outward manifestation of an excessive discharge of nervous energy in the brain. The symptoms that appear depend on where the excessive discharge occurs and how it spreads" (10, bl. 2).

Lennox definieer epilepsie soos volg: "Epilepsy is a disorder of the brain expressed as a paroxysmal cerebral dysrhythmia. This dysrhythmia, if symptomatic, is associated with seizures composed of one or more of the following recurrent and involuntary phenomena:

- (a) Loss or derangement of consciousness or remembrance (amnesia).
- (b) Excess or loss of muscle tone or movement.
- (c) Alteration of sensation, including hallucinations of special senses.
- (d) Disturbance of the autonomic nervous system with resulting vegetative and visceral phenomena of various sorts.
- (e) Other psychic manifestations, abnormal thought-processes or moods" (3, bl. 43-44).

Fairfield se definisie van epilepsie lui soos volg: "The essential element in epilepsy is a recurrent, excessive and abnormal discharge of nervous energy within the brain. It is now recognised that the convulsions, twitchings, unconsciousness and mental disturbances associated with the seizures are only symptoms of an underlying cause, and further, that no one symptom is an essential feature of the disease" (16, bl. 20).

Penfield en Jasper se definisie van epilepsie lui soos volg: "An epileptic seizure is a state produced by an abnormal excessive neuronal discharge within the central nervous system. An epileptic seizure is therefore a symptom of disease" (4, bl. 20).

Green en Steelman gee die volgende definisie: "Epilepsy, as the word implies, simply means seizure. It is not a disease in itself, but is merely the outward manifestation of an underlying disturbance in brain function" (12, bl. 21) en "In every epileptic seizure there is a discharge in gray matter, not in white matter. There is a discharge in gray matter, which begins locally, as I believe, in every case, although the electrographic tracing may show simultaneous discharge in the convexity of each hemisphere at the beginning" (12, bl. 5).

Fairfield, Penfield en Jasper en Green en Steelman se definisies is in hoofsaak dus dieselfde as dié van Gibbs en Lennox.

### 1.3.1 Die verskillende soorte epileptiese aanvalle

Daar is blykbaar nie eenstemmigheid onder skrywers wat navorsing oor die verskynsel van epilepsie gedoen het, oor die klassifikasie van die verskillende vorms van die siekte nie. In 'n werk wat hoofsaaklik vir die leek bedoel is, onderskei Lennox byvoorbeeld slegs 4 soorte epilepsie (2), terwyl hy in 'n latere werk 5 hoofgroepe, wat elk verder onderverdeel is, beskryf (3). Sakel (14) en Bridge (5) se klassifikasies verskil ook van mekaar en van dié van Lennox. Oor die metode van klassifikasie berig Masland soos volg: "The adequacy of present methods of classifying or diagnosing the epilepsies is questioned in view of increasing responsibilities for complete evaluation of these patients. The time-honored classification by seizure types is considered deficient for adequate study and recognition of basic etiologies, related illnesses, localization of lesions, and severity of the disease" (1, bl. 519).

In Eenvoudige klassifikasie van epilepsie en een wat vir die doel van hierdie ondersoek as voldoende beskou kan word, is dié van Fairfield (16). Sy onderskei tussen die volgende ses soorte epileptiese aanvalle:

(a) Grand Mal: Hierdie aanvalle begin in vyftig persent van die gevalle met 'n aura, dit wil sê 'n abnormale sensasie wat aandui dat breinsteurings plaasgevind het. Die aura mag verskillende vorms aanneem, soos byvoorbeeld 'n ligflits, 'n onaangename reuk of 'n sensasie in die ingewande. Hierna verloor die persoon sy bewussyn en die toniese fase begin. Die spiere word styf en die pasiënt val, sy pols is stadig en die lippe is blou. Na 'n paar sekondes gaan hierdie toestand oor in die kloniese fase wat gekenmerk word deur rukkende bewegings van die hele liggaam. Die aanval duur gewoonlik van een tot twee minute en word gewoonlik gevolg deur slaap of lomerigheid wat soms met verwardheid of 'n hoofpyn gepaard gaan.

In sommige gevalle mag die simptome meer uiteenlopend van aard wees. Soms begin die aanval met 'n skreeu, speeksel vloei uit die mond en skuim word op die lippe gevorm. Daar mag braking wees en die persoon mag beheer oor sy afsluitspiere verloor.

(b) Petit Mal: Drie verskillende soorte petit mal is bekend, naamlik

(i) Ware petit mal. Dit word gekenmerk deur 'n bewussynsverlies met geplaagde trekkings van die hoof- of gesigspiere. Die persoon word gewoonlik bleek, gee 'n tug of staar voor hom uit vir 'n paar sekondes. Hy val nie en gewoonlik is daar geen nagevolge nie. Hierdie aanvalle kom daagliks voor en daar mag tot honderd sulke aanvalle per dag voorkom.

(ii) Die akinetiese vorm. In hierdie geval is daar 'n algemene verlies aan spierbeheer - die persoon val skielik, maar staan dadelik weer op.

(iii) Die mykloniese vorm. Dit word gekenmerk deur skielike rukkings van die ledemate of kop, sonder verlies van die bewussyn.

(c) Jacksonse: Hierdie manifestasie van epilepsie is vernoem na Hughlings Jackson, die Engelse neuroloog wat die baanbreker ten opsigte van navorsing insake epilepsie was. Ten tye van hierdie soort aanval behou die persoon sy bewussyn. Rukkende bewegings begin in 'n hand of voet en beweeg opwaarts. Soms ontwikkel hierdie soort aanval in 'n tipiese grand mal aanval.

(d) Gelokaliseerde fokale konvulsies: Dit is 'n soort epilepsie wat gewoonlik waargeneem kan word na 'n hoofbesering. Hierdie konvulsie het 'n invloed op aparte spiergroepe, maar sprei nie. Soms is die kop na die een kant gedraai en daar mag hallusinasies van die gesig, gehoor of reuk wees.

(e) Psigomotoriese epilepsie: Hierdie variasie is minder bekend as die ander, maar is belangrik vanweë die sosiale gevolge daarvan. Die konvulsies word gedeeltelik vervang deur geestelike versturing, deurdat die pasiënt verwild lyk, dom en in 'n dromerige toestand voorkom. Hy is gewoonlik glad nie bewus van wat gedurende die aanval gebeur het nie. Hy mag lomp, outomatiese of doellose bewegings uitvoer soos kou, mompel en voorwerpe optel. Die persoon tree dikwels op asof hy onder die invloed van drank is, is geirriteerd en mag

agressief raak as sy bewegings aan bande gelê word. Die geestelike disorganisasie mag toeneem tot 'n psigotiese toestand met hallusinasies en gebrek aan kontak met die werklikheid.

(f) **Infantiele konvulsies:** Hierdie vorm lewer baie probleme op en is 'n bron van bekommernis vir ouers en dokters. Dit begin gewoonlik na die aanvang van 'n koorsige toestand soos masels, akute oorontsteking of maagdermontsteiking. Dit is nie duidelik waarom 'n skielike verhoging in temperatuur hierdie effek op sommige jong kinders het nie, maar daar word vermoed dat daar in sedanige gevalle 'n fundamentele onstabilitet van die brein is en 'n permanente neiging om op spanning met konvulsies te reageer. In die meerderheid van die gevalle is daar nie rede vir kommer na so 'n konvulsie nie, maar in sommige gevalle ontwikkel dit in ware epilepsie.

(g) **"Status epilepticus":** Dit is 'n gevaaarlike vorm en mag met enigeen van die ander vorms van epilepsie saamhang. Die pasiënt gaan aanhoudend en vinnig van die een aanval na die ander sonder om sy bewussyn te herwin.

Bogenoemde uiteensetting van die verskillende vorms van epileptiese aanvalle word as genoegsaam vir die doel van hierdie ondersoek beskou. Lesers wat 'n diepere studie van die manifestasies van epilepsie wil maak, word na gesaghebbendes op hierdie gebied, soos Lennox (3), Penfield en Jasper (4), Bridge (5), Livingston (6) en andere verwys.

## 1.4 NAVORSING INSAKE EPILEPSIE

### 1.4.1 Plaaslike navorsing

(a) Daar is nog min navorsing oor epilepsie in die Republiek van Suid-Afrika gedoen. Die omvattendste verslag wat tot dusver in hierdie verband verskyn het, is dié van Prinsloo: "Aspekte van epilepsie in die Republiek van Suid-Afrika" (7). Prinsloo se navorsing het gehandel oor die aard, frekwensie, opvoedkundige sowel as maatskaplike probleme ten opsigte van epilepsie. Sy belangrikste bevindinge is die volgende:

(i) Daar is 'n gedurige vrees onder epileptici dat hulle as gevolg van aanvalle deur die gemeenskap verwerp sal word. Hierdie vrees word in skole, kerke, werkplekke, publieke vermaakklikheidsplekke en in die gemeenskapslewе in die algemeen geopenbaar.

(ii) Epilepsie het 'n belemmerende invloed op skoolvordering en volgens Prinsloo is spesiale onderwys wat vir die behoeftes van epileptici voorsiening maak, noodsaaklik.

(iii) Epilepsie belemmer die kans op 'n huwelik in 'n groter mate by mans as by vrouens.

(iv) Moeilike geboortes het 'n verband met epilepsie getoon.

(v) Stuipe, kinkhoes en ander kindersiektes met ernstige komplikasies het dikwels onder epileptici voorgekom.

(vi) Epileptiese aanvalle kom nie met gereelde tussenposes voor nie. Indien dit die geval was, sou dit die versorging en toesig van epileptici baie vergemaklik het.

(vii) Die meeste epileptici is te enige plek of tyd aan aanvalle onderhavig en die meerderheid is ook aan emosionele versteurings soos opvlieëndheid, huilbuie, terneergedruktheid en wanhoopsgevoelens onderhewig.

(viii) Epileptici maak redelik vrylik van hospitale en klinieke gebruik en die koste van middels vir die bekamping van aanvalle is oor die algemeen laag.

(ix) Die meeste epileptici hou daarvan om vir lang tye ledig te wees ondanks die feit dat aanvalle as gevolg daarvan gepresipeer kan word.

(x) Epilepsie het 'n stremmende uitwerking op buitemuurse aktiwiteit en beïnvloed arbeidsgeleenthede, omgang met mense en deelname aan maatskaplike aangeleenthede. Epileptici ondervind ook aanpassingsprobleme in hulle gesinne en in die gemeenskap.

Prinsloo het ten opsigte van sy navorsing heelwat probleme ondervind met aspekte soos die opsporing van epileptiese gevalle en meld dan ook dat daar nie van 'n verteenwoordigende ondersoekgroep sprake kan wees nie vanweë die geringe persentasie van die geskatte aantal epileptici wat in die ondersoek betrek is. Hy meld onder andere dat verdere navorsing noodsaaklik is.

(b) In 'n M.Ed.-verhandeling getiteld "n Pedagogiese ondersoek na die persoonsbeeld van epileptiese kinders" gaan Kok die persoonsbeeld van epileptiese leerlinge na. Hiervoor gebruik hy onder andere die Rorschach-ink-kladtoets. Sy vernaamste bevindinge is die volgende: Die epileptiese persoon se biologiese moment is sodanig aangetas dat dit sy ontwikkelingsgang na volwassenheid belemmer. Sy liggaam lê beperkinge op hom, met die gevolg dat sy toekomsperspektief vertroebel raak. Hy voel bedreig en beleef baie angs. Dit maak hom aggressief; hy voel 'n soort eksplosiwiteit in homself wat van tyd tot tyd tot uitbarsting kom. Die epileptikus is daarom impulsief, affektief labiel en onseker van homself. Hy is ook geneig om naderhand kontak met die werklikheid te verloor (8).

(c) In 'n M.Ed.-verhandeling getiteld "Die epileptiese kind en sy opvoeding", maak Blignault na aanleiding van sy bevindinge, die volgende aanbevelings ten opsigte van die epileptiese kind se opvoeding:

(i) Die opvoeding van epileptiese kinders kan die beste deur middel van differensiële opvoeding in gesegregeerde inrigtings behartig word.

(ii) 'n Gedifferensieerde kurrikulum is noodsaaklik.

(iii) Klinies-terapeutiese behandeling is noodsaaklik by die opvoeding van hierdie kinders.

(iv) By die opvoeding van die epileptiese kind in 'n spesiale skool moet voorsiening gemaak word vir die skepping van 'n gemeenskapslewé wat die natuurlike lewenssituasie sover moontlik benader (9).

(d) 'n Ander werk in verband met epilepsie is die "Report of the inter-departmental committee on deviate children" (28), waar epilepsie egter net 'n deel vorm van 'n groter ondersoek wat onder meer swaksiende en blinde kinders; dowe en hardhorende kinders, kinders met spraakgebreke en kinders wat kreupel is, insluit. Die Komitee se vernaamste bevindings en aanbevelings ten opsigte van epilepsie is die volgende:

(i) Die groot verskil tussen Afrikaans- en Engelssprekende epileptici is hoogsbeduidend, aangesien daar drie keer meer Afrikaans- as Engelssprekende kinders is wat aan epilepsie ly. Alhoewel daar meer Afrikaans- as Engels-sprekende epileptiese leerlinge is, is die verskil in populasie egter nie so groot dat dit dié verskil in voorkoms kan regverdig nie. Die Komitee beveel dan ook aan dat hierdie aspek verder ondersoek moet word.

(ii) Die mediaan ouerdom van epileptici is ten opsigte van elke standerd aansienlik hoër as dié van die res van die skoolbevolking.

(iii) Epileptiese leerlinge vaar aansienlik swakker op skool as die res van die skoolbevolking.

(iv) Sewe-en-vyftig persent van die epileptici toon gedragsafwykings.

Met betrekking tot toelating tot 'n spesiale skool, beveel die Komitee die volgende 6 kriteria aan:

(i) Opvoedbaarheid. 'n Epileptikus word as opvoedbaar beskou as sy IK ten minste 50 is.

(ii) Sielkundige effek. Wanneer die kind as gevolg van sy aanvalle 'n steurende sielkundige uitwerking op die ander leerlinge in 'n gewone klas het.

(iii) Opvoedkundige steurnis. Wanneer die teenwoordigheid van 'n kind as gevolg van sy aanvalle 'n nadelige uitwerking op die onderrig van 'n gewone klas het.

(iv) Wanneer daar verstandelike agteruitgang is.

(v) Wanneer die epileptikus mediese behandeling nodig het wat hy nie huis kan ontvang nie.

(vi) Wanneer die epileptikus gedragsafwykings toon wat waarskynlik aan die aanvalle toegeskryf kan word.

'n Belangrike bydrae wat die Komitee gelewer het, was om 'n lang lys van beroepe wat epileptici kan beoefen, op te stel. Vir hierdie doel is epileptici in die volgende drie groepe ingedeel:

(i) Ep.- A. Diegene wat ligte petit mal aanvalle kry, dit wil sê waar daar net 'n vlugtige verlies van bewussyn is en waar die epileptikus nie val of voorwerpe uit sy hande laat val nie.

(ii) Ep.- B. Epileptici wat aan herhaalde petit mal aanvalle gedurende die dag onderhewig is. Persone met lichte grand mal aanvalle word ook ingesluit, maar die aanvalle moet nie meer as een keer per maand voorkom nie en daar moet nie nagevolge soos duiseligheid, hoofpyn of ander abnormale toestande wees nie.

(iii) Ep.- C. Tot hierdie groep behoort epileptici met aanvalle van 'n ernstiger aard wat langer aanhou en meer dikwels voorkom as in die geval van epileptici in die vorige kategorie. Hulle is nie gesik om die gewone beroepe te beoefen nie en moet gewoonlik beskutte arbeid verrig.

#### 1.4.2 Ander navorsing

(a) Lennox word deur die meeste skrywers as dié gesaghebbende op die gebied van epilepsie beskou. In sy werk "Epilepsy and related disorders", wat twee lywige volumes beslaan, gee hy 'n historiese oorsig en noukeurige beskrywing van die verskillende soorte epilepsie, die oorsake daarvan en aanverwante kwale (3).

Volgens Lennox is die kwessie van oorverwing in die geval van epilepsie blykbaar die mees omstrede aspek van alle aspekte ten opsigte van hierdie siekte en is daar nog nooit onder medici eenstemmigheid bereik oor die vraag of dit oorverflik is of nie. In die soek na oortuigende statistiese bewyse is die drie hoofprobleme wat teëgekom word, die volgende:

(i) Die insameling van juiste gegewens in verband met die simptome word bemoeilik as gevolg van die stigma wat aan epilepsie kleef.

(ii) Die onnoukeurige afbakening van epilepsie as gevolg van die ooreenkoms met floutes, koersagtige konvulsies in kinders of histerie.

(iii) Die skeiding van simptomatiese of verworwe oorsake word bemoeilik as gevolg van die feit dat waargenome breinskade die gevolg, eerder as die oorsaak van epilepsie mag wees.

Na 'n bespreking van verskeie ander ondersoekers se bevindinge ten opsigte van die oorverflikheid van epilepsie, maak Lennox die volgende gevolgtrekkings:

(i) Die oorverwing van 'n predisposisie tot epileptiese aanvalle is 'n wetenskaplike feit.

(ii) Oorverwing in epilepsie is minder belangrik as in baie ander algemene siektes ten opsigte waarvan die wenslikheid van 'n huwelik nooit bevraagteken word nie.

(iii) Die kans op verligting of volkome beheer van aanvalle is so goed as wat die geval met die meeste ander siektes is en baie beter as byvoorbeeld in die geval van suikersiekte, rumatiek of die psigoses.

(iv) Gunstige oorverflike eienskappe van die pasiënt en sy huweliksmaat mag swaarder weeg as die moontlikheid dat hulle kinders epilepsie mag oorverf.

(b) Livingston, in sy werk "Living with epileptic seizures" (6) noem die volgende faktore wat epileptiese aanvalle mag presipiteer:

- (i) Emosionele opgewondenheid
- (ii) Slaap
- (iii) Menstruasie
- (iv) Staking van anti-epileptiese medikasies
- (v) Hiper-ventilasie
- (vi) Koors
- (vii) Omgewingsfaktore
- (viii) Skielike blootstelling aan lig
- (ix) Verdowingsmiddels en chemiese stowwe
- (x) Allergieë
- (xi) Alkohol
- (xii) Inname van vloeistof
- (xiii) Narkose
- (xiv) Diverse, waaronder minder bekende faktore gevind word soos musiek, lees, skielike geraas, sekere vae situasies soos "sekere tye van die jaar", "wanneer dit reën", "wanneer die maan verander", ensovoorts.

Livingston gee verder 'n noukeurige beskrywing van hoe epileptici behandel moet word tydens aanvalle asook die name van medikasies en dieetkundige behandeling.

(c) In "Epilepsy and the functional anatomy of the human brain" van Penfield en Jasper (4), word 'n noukeurige beskrywing van die verskillende soorte epileptiese aanvalle gegee, tesame met foto's en tekeninge van die brein wat aantoon waar die oorsake van epilepsie setel. Verder word in die werk, wat hoofsaaklik vir medici geskryf is, aspekte soos elektroënkefalografie en terapie deur middel van snykunde behandel.

Penfield en Jasper beweer dat daar merkwaardige verskille tussen die toleransie van pasiënte ten opsigte van epileptiese aanvalle bestaan. Sommige epileptici mag daagliks vir jare aaneen aan aanvalle onderhewig wees en geen of weinig skade aan hulle verstandelike vermoëns of gedrag daarvan oorhou. Pasiënte wat epileptiese aanvalle goed kan verduur, mag vir lang tydperke daarmee volhou, tensy daar 'n verandering in die hewigheid van aanvalle ontstaan.

Hulle raad aan ouers en onderwysers is om die epileptikus aan te moedig om 'n normale lewe te lei met redelike beperkings. Oefening is noodsaklik, maar vermoeidheid moet vermy word. Ook moet die dieet gebalanseerd wees en ooreet en te veel vloeistof asook alkohol moet vermy word.

(d) 'n Paar van Bridge se vernaamste gevolgtrekkings in "Epilepsy and convulsive disorders in children" (5) is die volgende:

(i) Die verband tussen epilepsie en oorverwing is opmerklik in 'n relatief klein aantal families, maar in die meerderheid van gevalle het 'n noukeurige ondersoek na die familiegeschiedenis nie vorige gevalle van epilepsie aan die lig gebring nie.

(ii) Daar bestaan geen basis vir die begrip "epileptiese persoonlikheid" nie en daar is ook geen bewyse dat persoonlikeidsfaktore betrokke is by die oorsaak van dié siekte nie. In die meerderheid van gevalle, egter, is daar persoonlikeidsprobleme teenwoordig wat 'n invloed uitoefen op die simptome, op die totale belemmering en op die persoon se vooruitsigte om 'n normale lewe te lei.

(iii) Tensy die onaangename emosionele reaksies wat met epilepsie vereen-

selwig word, tot 'n minimum beperk word, bestaan die moontlikheid dat die fisiiese simptome daarvan sal aanhou en vererger. Die houding van die skool en die gemeenskap kan ook baie bydra tot die aanpassing of wanaanpassing van die epileptikus en sodoende sy toekoms beïnvloed.

(iv) Alhoewel dit vir die leek moeilik is om te verstaan hoe uiterlike omgewingsfaktore tot die verergering van 'n chroniese siekte soos epilepsie mag bydra, is dit belangrik in dié opsig dat die spanning in die daaglikse lewe mag bydra tot die probleme wat epileptici reeds ondervind, daar dit neig om die siekte, asook reeds bestaande persoonlikheidsprobleme, te vererger. Daarbenewens word, as gevolg van misverstande en vooroordeel in die huis en gemeenskap, dikwels struikelblokke op die pad na doeltreffende behandeling geplaas. Terwyl dit geen verband mag hou met die oorspronklike oorsaak van epilepsie nie, mag dit 'n besliste bydrae tot die verloop en prognose van die siekte lewer.

Daar is heelwat ander skrywers wat oor epilepsie in die algemeen, asook oor sekere aspekte van epilepsie geskryf het. 'n Aspek wat veral baie aandag geniet, is werkgeleenthede vir epileptici. In die voorwoord van "Total rehabilitation of epileptics", beweer Wright (29) dat as gevolg van publieke vooroordeel, selfs net die woord "epilepsie" 'n sosiale en indiensnemingslemmering is en dit daarom verstaanbaar is dat die epileptikus sy toestand geheim sal probeer hou, aangesien baie werkgewers dit nie eers oorweeg om 'n epileptiese persoon in diens te neem nie. Wanneer die persoon dan sy eerste aanval kry, word hy wiskwels summier ontslaan. Wright doen die volgende drie wenske aan die hand met betrekking tot die rehabilitering van epileptici:

(i) Professionele vaardighede en fasilitate moet ontwikkel word sodat die mediese-, psigo-sosiale en beroepsrehabilitasie wat moontlik is vir groot getalle epileptici, bereik kan word.

(ii) Reëlings moet getref word vir die paar epileptici wat nie bevredigend in diens geneem word nie – wat van werk tot werk gaan met 'n gevoel van frustrasie, wat hulle eie en hulle werkgewers se tyd mors met die gevolg dat werk wat deur ander epileptici kon gedoen gewees het, ook minder raak.

(iii) Epilepsie moet aanvaarbaar gemaak word deur die feite in verband met hierdie siekte bekend te maak sodat epileptici met groter vrymoedigheid na vore kan kom en nie die feit dat hulle aan dié siekte ly geheim hoef te hou nie.

In "Total rehabilitation of epileptics" word verder sulke aspekte soos mediese rehabilitasie, diskriminasie teenoor epileptiese werknekmers, mediese sertifisering, houding van die publiek, beroepsvoortetting en beskutte arbeid bespreek (29).

#### 1.5 SPESIALE ONDERWYS VIR EPILEPTICI IN SUID-AFRIKA

Daar is in Suid-Afrika op die oomblik 2 spesiale skole vir epileptici, naamlik die Jan Krielskool te Kuilsrivier en die W.K. du Plessisskool in Springs, terwyl nog 'n skool in Pretoria in aanbou is. Die bovenoemde skole maak voorsiening vir primêre sowel as sekondêre leerlinge en elkeen het 'n leerlingtal van tussen 100 en 125. Die primêre afdelings van die skole volg die leerplan van die provinsie waarin hulle geleë is, terwyl die sekondêre afdelings die leerplan van die Departement van Nasionale Opvoeding volg. Beide hierdie skole het koshuise, waarin ongeveer 98 persent van hulle leerlinge tuisgaan.

Die grootste persentasie van die epileptici is vrywillig in hierdie skole – gewoonlik op aandrang van hulle ouers en hoofde van skole – maar leerlinge kan volgens die Wet op Onderwysdienste (Wet no. 41 van 1967) verplig word om die spesiale skole by te woon.

Wat betref hulle loopbane na skoolverlating, word daar nie amptelik deur die skole voorsiening gemaak vir plasing nie, alhoewel leerlinge aangeraai word om van die dienste van die Departement van Arbeid gebruik te maak en andersins deur die skole gehelp word. In die praktyk klop min leerlinge egter by hierdie Departement om hulp aan. Albei skole gee intensiewe beroepsvoorligting aan leerlinge ten opsigte van geskikte beroepe wat hulle kan beoefen en hulle word gewys op die gevare wat sekere beroepe vir hulle mag inhou.

Volgens inligting ingewin by amptenare van die Departement van Nasionale Opvoeding is hierdie skole voldoende vir die soort epileptici wat spesiale onderwys moet ontvang. Volgens hulle het ongeveer 80 persent van die epileptiese leerlinge wat hierdie skole bywoon breinbeserings en die meeste het ook perseptuele afwykings, wat dit vir hulle noodsaaklik maak om spesiale onderwys te ontvang.

Tydens die Talentopnameprogram van 1965, waaraan hierdie spesiale skole nie deelgeneem het nie, is 291 leerlinge in standerd 6 gevind wat beweer het dat epilepsie hulle "die meeste moeilikheid" gee. Daar word aanvaar dat hierdie leerlinge nie in so 'n mate aan dié siekte of toestand onderhewig is dat hulle om hulle eie beswil in 'n spesiale skool tuishoort nie. Hierdie ondersoek werp enersyds lig op die geldigheid van hierdie aanname en andersyds op die probleme wat hierdie leerlinge in gewone skole ondervind.

## HOOFSTUK 2

### METODE VAN ONDERSOEK

#### 2.1 MEETINSTRUMENTE

Die volgende meetinstrumente is in hierdie ondersoek gebruik ('n volledige beskrywing van al die toetse en vraelyste wat in Talentopname gebruik is, te same met aanduidings van die toetse se betrouwbaarheid en metingsfout, verskyn in 'n vroeëre Talentopnameverslag (30)).:

##### 2.1.1 Die Biografiese vraelys

Die Biografiese vraelys is spesiaal vir Talentopname opgestel met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondgegewens van elke leerling te bekom.

Die vraelys bestaan uit 66 vrae wat ongeveer 45 minute neem om te beantwoord. Twee van die vrae is oop vrae wat op die vraelys self beantwoord word. Die orige vrae word op 'n afsonderlike antwoordblad beantwoord en met 'n opiese lesers nagesien. Vier vrae lewer identifiserende gegewens.

By elke vraag, afgesien van die eerste 4 en die twee oop vrae, is 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling die een moes kies wat op hom van toepassing was. Die antwoorde wat gegee is, was sodanig dat dit vir 'n leerling moontlik was om elke vraag te beantwoord.

##### 2.1.2 Die Onderwysersvraelys

Die doel met hierdie vraelys was om 'n beoordeling deur die standerd 6-klasonderwyser(es) ten opsigte van elke standerd 6-leerling te verkry ten opsigte van onder andere die leerling se gedrag, aanpassing en vermoëns ten opsigte van die skoolsituasie en skoolwerk.

Die vraelys is kort en bestaan uit 21 vrae wat deur die klasonderwyser(es) ten opsigte van elke standerd 6-leerling wat aan Talentopname deelgeneem het, ingevul moes word. Die eerste 4 vrae lewer identifiserende gegewens. Die vrae is op die vraelys self beantwoord.

##### 2.1.3 Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets

Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG) is opgestel om sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie, dit is, corgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het, te meet, met die doel om gebruik te word as objektiewe hulpmiddel by klassifikasie, sifting en leiding van leerlinge. Die toets gee 'n aanduiding van leerlinge se verbale-, nie-verbale en totale IK.

##### 2.1.4 Skolastiese toetse

###### (a) Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde

Die doel met die Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde (ATTR) is om 'n betroubare en objektiewe meting te verkry van leerlinge se bekwaamheid in hul moëdertaal, Rekenkunde en tweede taal.

###### (b) Geskiedenistoets

Die toets is opgestel met die doel om leerlinge se basiese kennis van Suid-Afrikaanse Geskiedenis op objektiewe wyse te meet.

###### (c) Wetenskapstoets

Die doel met die toets is om 'n aanduiding te gee van die peil van die basiese kennis van standerd 6-leerlinge in Algemene Wetenskap.

(d) Aardrykskundetoets

Die doel met die toets is om leerlinge se basiese kennis van Suid-Afrikaanse aardrykskunde op objektiewe wyse te meet.

(e) Spellingtoetse

Die doel met die toetse is om 'n objektiewe meting te verkry van die vermoeë of vaardigheid om Afrikaanse en Engelse woorde korrek te spel.

2.1.5 Die Jr. Sr. Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys

Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) wat oorspronklik in die VSA deur R.B. Cattell en H.A. Beloff opgestel en ontwikkel is, is deur die RGN vir gebruik in Suid-Afrika aangepas as 'n hulpmiddel vir sielkundiges en skoolvoorligters vir gebruik in kliniese situasies en vir navorsing. Die HSPV is 'n sielkundige meetinstrument wat dit moontlik maak om die individuele persoonlikheid objektief te ontleed om sodende die sielkundige se eie persoonlike evaluering van 'n kind aan te vul.

Die HSPV is 'n gestandaardiseerde toets wat binne die bestek van een klasperiode individueel of groepsgewys toegepas kan word met die doel om 'n algemene skatting van die persoonlikheidsontwikkeling te verkry. Die HSPV meet 14 afsonderlike persoonlikheidsdimensies of -trekke, wat volgens die bevindinge van sielkundiges, nagenoeg die totale persoonlikheid omvat. Met behulp van hierdie 14 tellings kan die sielkundige voorspellings maak met betrekking tot skoolprestasie, beroepsgeskiktheid, tekens van neiging tot misdadigheid, die aanwesigheid van leierseienskappe, die behoeftte aan kliniese hulp om neurotiese toestande te voorkom, ensovoorts.

Die 14 dimensies, soos beskryf in die handleiding van die HSPV, word in tabel 2.1 aangetoon (24, bl. 7).

TABEL 2.1  
BESKRYWING VAN DIE HSPV-FAKTORE

Lae stanegetelling (1-3)	Faktor	Hoë stanegetelling (7-9)
<u>Teruggetrokke</u> , afsydig, kritis, koel	A	<u>Na-buite-lewend</u> , hartlik, sorgeloos, deelnemend
<u>Minder intelligent</u> , konkreetdenkend, minder skolastiese verstandelike vermoeë	B	<u>Meer intelligent</u> , abstrakdenkend, meer skolastiese verstandelike vermoeë
<u>Aantasbaar deur gevoelens</u> , emosioneel minder stabiel, maklik ontstel, veranderlik, minder egosterkte	C	<u>Emosioneel stabiel</u> , sien die werklikheid in die oë, kalm, meer ego-sterkte
<u>Flegmatis</u> , doelbewus, onaktief, swaarwigtig	D	<u>Prikkelbaar</u> , opgewonde, ongeduldig, veeleisend, ooraktief
<u>Gehoorsaam</u> , gematig, inskiklik, gedwee	E	<u>Aanmatigend</u> , onafhanklik, aggressief, hardkoppig, dominant
<u>Sober</u> , versigtig, ernstig, swygzaam	F	<u>Onbesorgd</u> , vrolik, entoesiasties, impulsief, opgewek
<u>Opportunisties</u> , ontwyk reëls, voel min verpligtings, het minder superegosterkte	G	<u>Pliggetrou</u> , volhardend, stemmig, reëlgebonden, het meer superego-sterkte
<u>Skaam</u> , beheersd, onvrymoedig, sku	H	<u>Waaghalsig</u> , sosiaal vrypostig, ongeinhibeerd, spontaan
<u>Ontoegeeeflik</u> , selfstandig, realisties, verdra geen bogttery nie	I	<u>Teerhartig</u> , afhanglik, oorbeskermd, fyngevoelig

/Vervolg

Lae stanegetelling (1-3)	Faktor	Hoë stanegetelling (7-9)
<u>Lewenskragtig</u> , gaan geredelik saam met die groep, lewensbly, tree handelend op	J	<u>Weifelagtig</u> , dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend, onwillig om handelend op te tree
<u>Kalm</u> , vol selfvertroue, bedaard, onbekommerd	O	<u>Bevreesd</u> , bekommerd, neerslagtig, onrustig, skuldgevoelens
<u>Groepafhanklik</u> , 'n "aanhanger" en goeie volgeling	Q2	<u>Selfgenoegsaam</u> , verkies eie besluite, vindingryk
<u>Geneig tot ongedissiplineerde selfkonflik</u> , veronagsaam protokol, volg eie aandrange, gebrek aan integrasie	Q3	<u>Beheersd</u> , sosiaal-korrekt, selfgedissiplineerd, hoë mate van selfsentiment
<u>Ontspanne</u> , rustig, traag, ongefrustreerd	Q4	<u>Gespanne</u> , aangedrewen, oorspanne, gefrustreerd

## 2.1.6 Die Aanpassingsvraelys

Die Aanpassingsvraelys is met 'n drieledige doel opgestel, naamlik:

Om gebruik te word as 'n siftingstoets om die leerlinge uit te soek wat aanpassingsprobleme het.

Om te dien as 'n middel vir 'n gekontroleerde onderhoud met groepe of individue. Die tellings op die verskillende velde van aanpassing of reaksies op spesifieke vrae kan as aanknopingspunt vir verdere ondersoek dien.

Om te dien as 'n objektiewe instrument vir die vergelyking van groepe of individue met mekaar.

Die vraelys bestaan uit 160 vrae wat veral twee gebiede van aanpassing dek, te wete persoonlike aanpassing en sosiale aanpassing. Die vrae is in 10 groepe verdeel op so 'n wyse dat die vrae in elke groep hoog met mekaar korrelleer ten einde afsonderlike metings in die vernaamste gebiede van aanpassing te verkry. Die 10 velde van aanpassing wat deur die vraelys gemeet word, is die volgende:

Veld 1 : Selfvertroue. Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se gevoel van vertroue in sy werklike of vermeende vermoëns.

Die onderliggende faktor by hierdie groep vrae is daardie gelukkige gevoel van selfvertroue en gebrek aan selfbewustheid wat die handelswyse en optrede van die goed aangepaste individu kenmerk.

Veld 2 : Gevoel van eiewaarde. Hierdie veld handel oor die toetsling se gevoel van eiewaarde ten opsigte van sy werklike of vermeende persoonlike gebreke of ongunstige omstandighede, veral wanneer hy in situasies geplaas word waar hy minder suksesvol as ander presteer.

Hierdie groep vrae het ten grondslag die gevoel van eiewaarde wat by die goed aangepaste individu ontstaan as gevolg van 'n erkenning van sy swakhede en 'n rasionele begrip van dit waartoe hy in staat is.

Veld 3 : Gevoel van persoonlike vryheid. Die vrae in hierdie afdeling handel oor die houding van die toetsling teenoor beperkings of vermeende beperkings op sy persoonlike vryheid.

Ten grondslag van hierdie vrae lê die gevoel van gelukkigheid en tevredenheid wat ontstaan as gevolg van innerlike dissipline en die aanvaarding van die noodsaaklikheid van 'n redelike mate van gesag en ordening in die samelewings.

Veld 4 : Gevoel van aanvaarding en erkenning. Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se innerlike gevoel van aanvaarding en erkenning deur spesifieke persone, soos sy ouers, of groepe van persone, byvoorbeeld sy maats.

Die onderliggende faktor by hierdie groep vrae is die gevoel van geluk en veiligheid wat by die individu ontstaan as gevolg van die liefde, waardering, erkenning en beskerming wat hy geniet van diegene om hom.

Veld 5 : Sosiale verhoudings. Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se neiging tot oormatige teruggetrokkenheid.

'n Hoë puntetelling in hierdie afdeling is 'n aanduiding van moontlik oormatige teruggetrokkenheid.

Veld 6 : Simptome van senuweeagtigheid. Die vrae in hierdie afdeling handel oor verskeie simptome van senuweeagtigheid of gespannenheid.

Aanpassing op hierdie gebied hang dikwels nou saam met dié op ander gebiede, dit wil sê enige senuweeagtige neiging word maklik vererger deur wanaanpassing van 'n ander aard.

Veld 7 : Morele inslag. Die antwoorde van die toetsling op die vrae in hierdie afdeling gee 'n aanduiding van sy houding ten opsigte van die standaarde van gedrag wat deur die gemeenskap aanvaar word.

Veld 8 : Huislike verhoudings. Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se houding en gevoel teenoor sy huis.

Daar moet op gelet word dat die vrae in hierdie afdeling nie in die eerste plek gaan oor die huislike verhoudings nie, maar oor die kind se gevoel teenoor sy huis.

Veld 9 : Skoolverhoudings. Die vrae in hierdie afdeling handel oor die kind se houding teenoor sy onderwysers en ander leerlinge.

Veld 10 : Emosionaliteit. Die vrae in hierdie afdeling handel oor die algemene emosionele toestand van die toetsling. 'n Hoë puntetelling in hierdie afdeling is 'n aanduiding van emosionele onrypheid of onstabiliteit.

X-telling : Erns waarmee vraelys beantwoord is. Afgesien van bogenoemde 10 velde van aanpassing wat deur die vraelys gemeet word, word daar ook voorstiening gemaak vir die verkryging van 'n x-telling om te bepaal hoe eerlik die toetsling die vraelys beantwoord het.

Die 10 vrae in hierdie afdeling is van so 'n aard dat die meeste mense die meerderheid daarvan nie "gunstig" kan antwoord nie. Indien 'n toetsling dus die meeste of al die vrae gunstig beantwoord, om watter redes ook al, moet daar ernstig getwyfel word aan die geldigheid van sy antwoorde op die vraelys as geheel.

## 2.2 DIE ONDERSOEKGROEP

Die ondersoekgroep bestaan uit alle standerd 6-leerlinge wat gedurende die 1965-Talentopnameprogram na aanleiding van 'n vraag in die Biografiese vraelys (beskryf in par. 2.1.1) aangedui het dat hulle epilepsie as hulle grootste probleem beskou. Die betrokke vraag in die Biografiese vraelys het soog volg gelui: "Watter een van die volgende gee jou die meeste moeilikheid?"

In tabel 2.2 hieronder word aangedui hoe leerlinge hierdie vraag beantwoord het.

TABEL 2.2  
VERDELING VAN DIE UNIVERSUM VAN ST.6-LEERLINGE VOLGENS KWALE WAARMEE HULLE DIE MEESTE MOEILIKHEID ONDERVIND

Kwaal	N	%
Nie van toepassing nie	47074	68,1
Spraakgebreke, bv. hakkel	2140	3,1
Uiterlike ligmaamsgebreke	1113	1,6
·n Swak hart	831	1,2
Asma	1942	2,8
Dorgewig	1985	2,9
Vallende siekte	291	0,4
Hardhorendheid	846	1,2
Swaksiendheid	3908	5,7
Ander kwale	8985	13,0
<b>TOTAAL</b>	<b>69115</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 2.2 is daar 291 leerlinge, wat 0,4 persent van die universum verteenwoordig, wat aangedui het dat hulle epilepsie as hulle grootste probleem beskou. Hierdie groepie leerlinge vorm die ondersoekgroep.

Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat alle leerlinge wat aan die Taelentopnameprogram deelgeneem het en aan epilepsie ly, bevestigend op die boegenoemde vraag geantwoord het nie, op grond van die volgende redes:

(a) Daar kleef 'n sosiale stigma aan epilepsie (die sogenaamde "hush-hush disease") wat aanleiding daartoe kon gegee het dat sommige kinders nie wou aandui dat hulle aan epilepsie ly nie, nieteenstaande die feit dat hulle verseker is dat alle inligting wat hulle verstrek as vertroulik beskou sal word. Volgens 'n amptenaar van die Departement van Nasionale Opvoeding is epileptici as 'n reëls uiters onwillig om te erken dat hulle aan dié siekte ly.

(b) Die term "vallende siekte" wat in die vraelys verskyn het in plaas van "epilepsie" kon vir sommige leerlinge misleidend gewees het, aangesien vallende siekte moontlik spesifiek 'n grand mal aanval impliseer, dit wil sê waar 'n persoon val tydens 'n aanval. Soos in hoofstuk een beskryf is, is daar vorms van epilepsie waar die pasiënt nie noodwendig val nie.

(c) Daar mag leerlinge gewees het wat wel aan epilepsie ly, maar wie se aanvalle van so 'n ligte graad was, dat hulle dit moontlik glad nie as 'n probleem beskou het nie.

(d) By die betrokke vraag in die Biografiese vraelys moes leerlinge net een kwaal aandui, aangesien daar gevra is watter een kwaal hulle die meeste moeilikheid gee. Ander kwale soos 'n swak hart, asma en so meer kon moontlik 'n groter bron van moeilikheid gewees het as epilepsie, veral wanneer die epileptiese aanvalle van 'n ligte graad was.

## 2.3 DIE KONTROLEGROEP

Die universum van 1965 se standerd 6-leerlinge in gewone skole, bestaande uit 69 908 leerlinge, dien as kontrolegroep waarmee die ondersoekgroep vergelyk word met die doel om te bepaal in watter mate die ondersoekgroep van die kontrolegroep verskil.

Daar moet in gedagte gehou word dat die ondersoekgroep vir vergelykingsdoeleindes by die kontrolegroep ingesluit is. Dit impliseer dat enige betekenisvolle verskil wat gevind word, effens groter sou gewees het indien die ondersoekgroep nie deel van die kontrolegroep of universum was nie.

Ten opsigte van elke veranderlike in hierdie ondersoek, word die ondersoekgroep sowel as die universum se gegewens in tabelvorm saamgevat en die twee groepe met mekaar vergelyk.

#### 2.4 BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE

Normaalweg word in navorsing van steekproewe, wat die universum of populasie verteenwoordig, gebruik gemaak. Die bevindinge wat op die steekproef van toepassing is, word dan na die populasie veralgemeen. Induktiewe statistiek word in hierdie gevalle gebruik om te bepaal met watter mate van sekerheid die bevindinge wat uit die steekproewe blyk, op die universum van toepassing is en wat die risiko is wat in so 'n veralgemening vervat is.

In die geval van Talentopname is die universum van standerd 6-leerlinge getoets sodat die ondersoekgroep, bestaande uit leerlinge wat aangedui het dat epilepsie hulle grootste probleem is, al die sodanige leerlinge verteenwoordig, oftewel 'n sub-universum is. In die praktyk kom dit dus daarop neer dat twee universums met mekaar vergelyk word. In so 'n geval geld induktiewe statistiek nie meer nie, maar wel beskrywende statistiek. Enige verskil is werklik en feitlik aangesien dit beskrywend van die universum self is. Die berekening van die beuidendheid van verskille byvoorbeeld op die 1-persent of 5-persent-peil is nie nodig nie, aangesien enige verskil 'n werklike verskil is wat nie op waarskynlikheid berus nie. Die enigste probleem is dus hoe groot die verskil moet wees voordat dit as van praktiese betekenis beskou kan word. Vir die doel van hierdie ondersoek word verskille van ongeveer 5 persent as groot genoeg beskou om prakties betekenisvol te wees. In die gevalle waar vergelykings egter op grond van gemiddelde tellings geskied, word uitgegaan van die standpunt dat enige verskil in die gemiddeldes betekenisvol is.

Of hierdie verskille van enige werklike praktiese betekenis is, hang af van die praktiese situasie. In sommige gevalle kan 'n relatief klein verskil van besondere betekenis wees en in ander gevalle kan selfs relatief groot verskille van min praktiese betekenis wees. Dit is nie die bedoeling om in hierdie ondersoek die verkreeë verskille se relatiewe belangrikheid in alle moontlike praktiese situasies te interpreteer nie, maar eerder om voorlopige of tentatiewe interpretasies daaraan te gee.

## HOOFSTUK 3

### AGTERGROND EN VERBANDHOUDENDE ASPEKTE

#### 3.1 INLEIDING

Die inligting wat in hierdie hoofstuk vervat word, is verkry uit leerlinge se antwoorde op vrae in die Biografiese vraelys (kyk par. 2.1.1) wat alle standerd 6-leerlinge tydens Talentopname in 1965 ingeval het.

Deur middel van 'n ontleding van leerlinge se antwoorde op die vrae in die vraelys kan 'n idee gevorm word van hulle biografiese agtergrond en persoonlike besonderhede, soos geslag, ouderdom en provinsie waarin hulle woon. Aanvullend hierby word daar ook inligting verstrek oor hulle ouers, huislike omstandighede, die samestelling van die gesin en ander gesinsbesonderhede, waarvolgens daar onder meer vasgestel kan word hoe hulle sosio-ekonomiese posisie is.

Benewens die bogenoemde besonderhede, word daar ook inligting verstrek oor die leerlinge se skoolagtergrond, hulle gesondheidstoestand, wat onder andere weerspieël word deur die getal dae wat hulle van die skool afwesig was, en hulle houdings teenoor sekere sake soos godsdiens en skoolreëls. Om die algemene prentjie af te rond word besonderhede oor hulle vrytydsbesteding ook verskaf.

Ten opsigte van die bogenoemde aspekte word die ondersoekgroep met die universum van standerd 6-leerlinge vergelyk met die doel om te bepaal of en in watter mate die groep epileptiese leerlinge van die algemene skoolgaande bevolking verskil. Die bedoeling is eerder om die ondersoekgroep te beskryf as om verbande te vind en te verklaar.

#### 3.2 GESLAG

Die verdeling van die ondersoekgroep en die universum volgens geslag, verskyn in tabel 3.1.

TABEL 3.1  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESLAG

Geslag	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Manlik	144	49,5	35645	51,1
Vroulik	147	50,5	34092	48,9
TOTAAL	291	100,0	69737	100,0

Volgens tabel 3.1 is daar in die ondersoekgroep effens minder seuns en meer dogters in vergelyking met die universumverdeling.

Hierdie bevinding is teenstrydig met dié van ondersoekers soos Prinsloo, Lennox en Alström, wat bevind het dat daar meer manlike as vroulike epileptici voorkom. Lennox het byvoorbeeld 'n verhouding van 104 tot 100 ten gunste van manlike persone gevind. Hy beweer egter dat 'n meerderheid manlike persone nie as kenmerkend van epileptici beskou kan word nie (3). Prinsloo se ondersoekgroep het uit 52 persent manlike en 48 persent vroulike persone bestaan (7) en ook Alström beweer dat daar effens meer manlike as vroulike persone is wat aan epilepsie ly en dat dit blykbaar 'n universele verskynsel is (11).

Hierdie oënskynlike teenstrydigheid met betrekking tot die geslagsamestelling van die ondersoekgroep moet gesien word in die lig van die feit dat in hierdie ondersoek nie alle epileptici betrek is nie, maar net dié in gewone skole wat verklaar het dat epilepsie hulle grootste probleem is.

### 3.3 OUDERDOM

In tabel 3.2 word die ondersoekgroep en die universum se gemiddelde ouderdom aangetoon.

TABEL 3.2

GEMIDDELDE OUDERDOM VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE UNIVERSUM TYDENS DIE TALENTOPNAMEPROGRAM IN 1965

Ondersoekgroep	Universum
Gemiddelde ouderdom Standaardafwyking	Gemiddelde ouderdom Standaardafwyking
13 jaar 8,4 maande      0,98 jaar	13 jaar 5,6 maande      0,87 jaar

Volgens tabel 3.2 was die ondersoekgroep se gemiddelde ouderdom ten tye van die Talentopnameprogram in 1965 13 jaar 8,4 maande met 'n standaardafwyking van 0,98 jaar, terwyl die gemiddelde ouderdom van die universum van standerd 6-leerlinge 13 jaar 5,6 maande met 'n standaardafwyking van 0,87 jaar was. Die ondersoekgroep was dus ongeveer 3 maande ouer as die totale standerd 6-bevolking.

Die hoër gemiddelde ouderdom van die ondersoekgroep kan waarskynlik aan hulle siekte toegeskryf word, deurdat hulle moontlik as gevolg daarvan op 'n later ouderdom skool toe is en sodoende agter geraak het.

### 3.4 GESONDHEIDSTOE STAND

In tabel 3.3 word leerlinge se antwoorde op die vraag "Hoe was jou gesondheid gedurende die afgelope jaar?" aangetoon.

TABEL 3.3

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESONDHEIDSTOE STAND

Gesondheid	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Goed	98	33,8	47439	68,3
Redelik	142	48,9	20484	29,5
Baie swak	50	17,3	1478	2,2
<b>TOTAAL</b>	<b>290</b>	<b>100,0</b>	<b>69401</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 3.3 is daar slegs 33,8 persent epileptiese leerlinge wat verstaan dat hulle gesondheid goed was, terwyl 48,9 persent se gesondheid redelik was en 17,3 persent se gesondheid baie swak was. Indien die ondersoekgroep met die universum vergelyk word, blyk dat meer as twee derdes (68,3%) van die universumleerlinge se gesondheid goed was, 29,5 persent se gesondheid redelik was en slegs 2,2 persent se gesondheid baie swak was.

Dit spreek duidelik uit die tabel dat epileptiese leerlinge heelwat probleme met hulle gesondheid ondervind. As "redelik" en "baie swak" saamgevoeg word, is daar twee-derdes (66,2%) van die ondersoekgroep wie se gesondheid nie na wense was nie.

Dit sou insiggewend wees om vas te stel of die groot getal van die leerlinge van die ondersoekgroep wat probleme met hulle gesondheid ondervind, direk toegeskryf kan word aan die feit dat hulle aan epilepsie ly en of dit moontlik as gevolg van sekondêre oorsake is, byvoorbeeld hoofbeserings na 'n

epileptiese (grand mal) aanval, of selfs senuwee-aandoenings as gevolg van die feit dat hulle sosiaal verwerp word en beskou mag word as iets "snaaks", asook ander kwale, hetsy fisiek of psigies, wat mag voortspruit uit hulle siekte.

### 3.5 AFWESIGHEID VAN SKOOL

In tabel 3.4 word aangetoon hoeveel dae leerlinge gedurende 1965 tot en met die Talentopnametoetsprogram van die skool afwesig was.

TABEL 3.4

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL DAE VAN DIE SKOOL AFWESIG

Getal dae afwesig	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
0 tot 4 dae	150	52,2	50217	72,5
5 tot 9 dae	68	23,7	11129	16,1
10 tot 14 dae	31	10,8	4091	5,9
15 tot 19 dae	11	3,9	1695	2,4
20 dae of meer	27	9,4	2115	3,1
<b>TOTAAL</b>	<b>287</b>	<b>100,0</b>	<b>69247</b>	<b>100,0</b>

Indien afwesigheid van 9 dae en minder arbitrêr as min beskou word en 10 en meer dae as baie, blyk uit tabel 3.4 dat 75,9 persent van die ondersoekgroep= leerlinge min en 24,1 persent baie dae van die skool afwesig was. Indien die= selfde arbitrêre verdeling ten opsigte van die universum gebruik word, word daar gevind dat 88,6 persent universumleerlinge min dae en 11,4 persent baie dae van die skool afwesig was. Die afleiding kan dan gemaak word dat die on= dersoekgroep meer dae van die skool afwesig was as die universum. Hierdie af= leiding hou verband met die bevinding in die vorige paragraaf, dat 'n groot per= sentasie epileptici se gesondheid nie na wense is nie.

Volgens Lennox mag epileptiese leerlinge se gedrag, eerder as die aanval= le self, hulle skoolbywoning beïnvloed (3). Dit mag gebeur dat nadat 'n leer= ling aan 'n kwaai epileptiese aanval onderhewig was, hy so 'n opskudding op skool veroorsaak het, dat hy vir 'n paar dae nie skool toe sal wil kom nie, uit vrees vir die reaksies van sy medeskoliere, wat hom of die aanval as iets snaaks of bonatuurlik mag beskou.

### 3.6 HUISTAAL

Gegewens ten opsigte van huistaal verskyn in tabel 3.5.

TABEL 3.5  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HUISTAAL

Huistaal	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Afrikaans	211	72,4	41300	59,2
Engels	41	14,1	21430	30,7
Afrikaans en Engels	29	10,0	4696	6,7
Duits	2	0,7	726	1,0
Nederlands	4	1,4	448	0,7
Grieks	0	0,0	247	0,4
Italiaans	0	0,0	261	0,4
Portugees	2	0,7	352	0,5
Ander tale	2	0,7	288	0,4
<b>TOTAAL</b>	<b>291</b>	<b>100,0</b>	<b>69748</b>	<b>100,0</b>

Die meerderheid van die epileptiese leerlinge, naamlik 72,4 persent is Afrikaanssprekend, gevolg deur Engelssprekende leerlinge wat 14,1 persent van die totaal vorm. Tien persent van die leerlinge se huistaal is beide Afrikaans en Engels en 3,5 persent van die groep se huistaal is 'n ander taal as Afrikaans of Engels.

'n Eienaardige verskynsel wat opgemerk kan word, is dat epileptiese leerlinge se verspreiding volgens taalgroepe heelwat afwyk van dié van die universum van standerd 6-leerlinge. Vir die twee hooftaalgroepe is die universum se verspreiding 59,2 persent Afrikaanssprekend en 30,7 persent Engelssprekend. Waar daar in die geval van die universum 28,5 persent meer Afrikaanssprekendes is, is daar in die geval van epileptici 58,3 persent meer Afrikaanssprekendes. Daar is dus heelwat meer Afrikaanssprekende leerlinge in die ondersoeksgroep as wat verwag sou word indien die verhouding van Afrikaans- tot Engelssprekendes in die universum in aanmerking geneem word.

In ooreenstemming met hierdie bevinding, het die Interdepartmental Committee on Deviate Children ook bevind dat daar 'n hoogsbeduidende verskil tussen die persentasievoorkoms van Afrikaans- en Engelssprekende epileptici is. Die Komitee het naamlik drie keer meer Afrikaans- as Engelssprekende kinders aangetref wat aan epilepsie ly en beweer dat, alhoewel daar meer Afrikaans-, as Engelssprekende leerlinge is, die verskil in populasie nie so groot is dat dit dié verskil in voorkoms kan verklaar nie (28).

### 3.7 OUERS SE ONDERWYSKVALIFIKASIES

In tabel 3.6 word leerlinge se antwoorde op die vraag oor hoe ver hulle ouers geleer het, aangetoon.

TABEL 3.6  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE ONDERWYSKVALIFIKASIES

Kwalifikasie	Ondersoeksgroep				Universum			
	Vader		Moeder		Vader		Moeder	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Standerd 6 of laer	67	23,1	68	23,7	11702	16,9	11859	17,2
Standerd 7	20	6,9	30	10,4	3291	4,8	4130	6,0
Standerd 8	44	15,2	63	21,9	9253	13,4	12526	18,1
Standerd 9	7	2,4	3	1,1	1701	2,5	1867	2,7
Standerd 10	28	9,6	20	7,0	9321	13,5	9590	13,9
Verder as standerd 10 (uitgesonderd universiteit)	6	2,1	3	1,1	3518	5,1	3864	5,6
Universiteitsgraad	8	2,8	4	1,4	4942	7,2	2352	3,4
Weet nie	110	37,9	96	33,4	25295	36,6	22819	33,1
<b>TOTAAL</b>	<b>290</b>	<b>100,0</b>	<b>287</b>	<b>100,0</b>	<b>69023</b>	<b>100,0</b>	<b>69007</b>	<b>100,0</b>

Van tabel 3.6 kan opgemerk word dat 'n hoë persentasie leerlinge nie weet hoe ver hulle ouers geleer het nie en dit maak die gegewens minder betroubaar. Op grond van die kwalifikasies wat wel verstrek is, blyk die volgende:

Die meeste ouers van epileptiese leerlinge het 'n betreklike lae opvoedkundige peil behaal: 47,6 persent vaders en 57,1 persent moeders het laer kwalifikasies as standerd 10 behaal, 9,6 persent vaders en 7,0 persent moeders het 'n standerd 10-kwalifikasie en slegs 4,9 persent vaders en 2,5 persent moeders het hoër kwalifikasies as standerd 10 behaal.

Hiereenoor is daar 'n groter persentasie ouers van die universum wat relatief hoë kwalifikasies behaal het (13,5% vaders en 13,9% moeders het tot standerd 10 geleer en 12,3% vaders teenoor 9,0% moeders het hoër kwalifikasies as standerd 10 behaal) en 'n kleiner persentasie universumouers wat relatief lae kwalifikasies behaal het (37,6% vaders en 44,0% moeders het nie tot standerd 10 geleer nie).

Die algemene gevolgtrekking wat van tabel 3.6 gemaak kan word, is dus dat epileptiese leerlinge se ouers minder formele opleiding as die ouers van die universum van standerd 6-leerlinge gehad het.

### 3.8 VADER SE BEROEP

In tabel 3.7 word aangetoon watter beroepe die leerlinge se vaders beoefen. Die beroepe is in 11 beroepsgroepe ingedeel.

TABEL 3.7

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VADER SE BEROEP

Beroepsgroepe	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Professionele en semi-professionele werkers	18	6,2	8169	11,7
Administratiewe werkers	27	9,3	9957	14,2
Klerklike werkers	22	7,6	6896	9,9
Verkoopswerkers	10	3,4	3375	4,8
Geskoonde ambagsmanne	70	24,0	11633	16,6
Opgeleide buitewerkers	40	13,7	8311	11,9
Boere, tuiniers, bosbouers en vissers	28	9,6	8749	12,5
Persoonlike en huishoudelike dienswerkers	1	0,4	263	0,4
Operateurs en halfgeskoonde werkers	42	14,4	7550	10,8
Ongeskoolde werkers	13	4,5	1513	2,2
Huisvrouens en pensionarisse	13	4,5	2282	3,3
Geen beroep verstrek nie	7	2,4	1210	1,7
<b>TOTAAL</b>	<b>291</b>	<b>100,0</b>	<b>69908</b>	<b>100,0</b>

Wat opmerklik is volgens tabel 3.7, is dat konsekwent 'n groter persentasie vaders van die universum in vergelyking met die ondersoekgroep in die eerste 4 beroepsgroepe val, wat as die hoër sosio-ekonomiese beroepe beskou kan word. Dit blyk dus dat die epileptiese leerling, volgens hierdie ondersoek 'n sosio-ekonomiese agterstand in vergelyking met die universum het. Hierdie verskil tussen die ondersoekgroep en die universum is volgens die verwagting, aangesien daar van die vorige tabel (tabel 3.6) die bevinding gemaak is dat die ondersoekgroep se ouers minder formele opleiding as die universum se ouers gehad het.

Volgens Alström kom die verspreiding van epileptici se vaders se beroepe redelik goed ooreen met dié van die algemene bevolking (11).

### 3.9 LEERLINGE SE BEROEPSKUSEUSES

Die beroepe wat die epileptiese leerlinge en die universum eendag wil volg, volgens hulle keuse in standerd 6, word in tabel 3.8 aangetoon. Die beroepe is volgens 11 beroepsgroepe ingedeel, net soos in die geval van die vorige tabel (tabel 3.7) waar 'n uiteensetting gegee is van die beroepe wat die leerlinge se vaders beoefen.

TABEL 3.8  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BEROEPSKEUSES

Beroepsgruppe	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Professionele en semi-professionele werkers	105	36,0	32245	46,1
Administratiewe werkers	2	0,7	695	1,0
Klerklike werkers	58	19,9	11767	16,9
Verkoopswerkers	9	3,1	1208	1,7
Geskoolde ambagsmanne	63	21,6	9053	13,0
Opgeleide buitewerkers	26	8,9	7652	11,0
Boere, tuiniers, bosbouers, vissers	17	5,9	3669	5,2
Persoonlike en huishoudelike dienswerkers	2	0,7	159	0,2
Operateurs en halfgeskoolde werkers	1	0,4	423	0,6
Ongeskoolde werkers	1	0,4	100	0,1
Huisvrouens	2	0,7	144	0,2
Geen beroep verstrek nie	5	1,7	2793	4,0
TOTAAL	291	100,0	69908	100,0

Volgens tabel 3.8 wil die grootste persentasie epileptiese leerlinge, naamlik 36,0 persent hulleself eendag vir professionele en semi-professionele beroepe bekwaam. Die tweede gewildste keuse is geskoolde ambagte, verkies deur 21,6 persent van die ondersoekgroep. Dit word gevolg deur klerklike beroepe (19,9%), opgeleide buitewerkers (8,9%) en boere, bosbouers, tuiniers en vissers (5,9%). 'n Geringe persentasie, naamlik 6,0 persent, wil die orige 6 beroepe beoefen, terwyl 1,7 persent onseker is oor die beroep wat hulle wil volg.

Indien die ondersoekgroep se beroepskeuses met dié van die universum vergelyk word, kom die grootste verskil tussen die groepe voor in die geval van professionele en semi-professionele beroepe, waar 10,1 persent meer universum-leerlinge hierdie beroepe verkies. In teenstelling met die ondersoekgroep se tweede keuse van geskoolde ambagte, is die tweede gewildste keuse van die universum klerklike beroepe, gevolg deur geskoolde ambag.

Gesien in die lig van die verslag van die Interdepartmental Committee on Deviate Children, kom dit voor asof die persentasie epileptici (36,0%) wat een-dag professionele en semi-professionele beroepe wil volg, ietwat onrealisties is, soos blyk uit die volgende aanhaling: "Even when the attacks themselves are not the cause of exclusion from various types of work, the majority of epileptics are excluded from professional and higher technical vocations by reason of their mental disabilities" (28, bl. 425). Die Komitee meld verder dat dit hoogs uitsonderlik vir 'n epileptikus is om 'n professionele beroep te beoefen, aangesien al die professies 'n redelike hoë intelligensie vereis. Indien 'n epileptikus egter wel die nodige intelligensie het en mits hy nie aan grand mal-aanvalle onderhewig is nie, kan hy sulke beroepe soos argitek, rekenmeester, skrywer of navorsier volg.

Wat sommige beroepe betref, mag dit gevare vir epileptici inhoud daar nie volkome beheer oor aanvalle is nie. Die bogenoemde Komitee noem sekere tipes van werk waarvoor epileptici nie geskik is nie, byvoorbeeld werk waar ononderbroke aandag vereis word, soos by 'n vervoerband, motorbestuur en hys-kraanhantering asook werk waar hulle beserings kan opdoen in die geval van verlies van bewussyn, soos by die hantering van masjinerie, hantering van chemiese stowwe en werk waar produksie tot stilstand sal kom as een werknemer afwesig is soos by die monteerlyn van 'n motorfabriek, en beroepe waar die werknemer met

die publiek in aanraking kom.

Dit is wenslik dat onderwysers wat met beroepsvoortetting gemoeid is, besondere aandag gee aan epileptiese leerlinge se beperkings en die gevare wat aan sekere beroep verbonden is, aangesien meer faktore by die keuse van 'n beroep in die geval van epileptiese leerlinge betrokke is as in die geval van leerlinge sonder hierdie belemmering.

### 3.10 ONDERWYSASPIRASIES

In tabel 3.9 word aangetoon hoe ver die ondersoekgroep en die universum op skool wil leer en of hulle van voorneme is om verder as standerd 10 te leer.

TABEL 3.9  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSASPIRASIES

Onderwysaspirasie	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Gee nie huis om nie	12	4,2	1604	2,3
Totdat hy 16 is en die skool kan verlaat	24	8,4	2251	3,3
Tot standerd 7	7	2,4	579	0,8
Tot standerd 8	79	27,5	10033	14,5
Tot standerd 9	1	0,4	408	0,6
Tot standerd 10	87	30,3	21519	31,1
Verder as standerd 10 (uitgesonderd 'n universiteitsgraad)	31	10,8	10984	15,9
Totdat hy 'n universiteitsgraad behaal het	46	16,0	21752	31,5
<b>TOTAAL</b>	<b>287</b>	<b>100,0</b>	<b>69130</b>	<b>100,0</b>

Indien die ondersoekgroep se onderwysaspirasies met dié van die universum volgens tabel 3.9 vergelyk word, blyk dat die epileptici nie sulke hoë aspirasies as die universum het nie. Daar is 21,5 persent van die universum teenoor 42,9 persent van die ondersoekgroep wat onverskillig teenoor hulle skoolopleiding staan of nie tot standerd 10 wil leer nie. Hierteenoor is daar 47,4 persent van die universum teenoor 26,8 persent van die ondersoekgroep wat verder as standerd 10 wil leer.

Die groot persentasie epileptici wat verklaar dat hulle op skool wil bly net totdat hulle 16 is en dié wat net tot standerds 7 of 8 wil leer, naamlik 38,3 persent, toon 'n verband met die gegewens van tabel 3.8, waarvolgens 37,9 persent van hulle geskoold ambagte en ander beroep laer in die indeling wil volg ("huisvrouens" en "geen beroep verstrek nie" uitgesluit) waarvoor 'n hoër opleiding as standerd 8 gewoonlik nie nodig is nie.

Wat bogenoemde beroepe en onderwysaspirasies betref, is die ondersoekgroep dus realisties, maar dit is nie die geval met professionele en semi-professionele beroepe nie, deurdat 36,0 persent van die leerlinge van die ondersoekgroep een dag hierdie soort beroepe wil beoefen, maar slegs 26,8 persent van hulle verder as standerd 10 wil leer. Hierteenoor is die universum weer meer realisties, deurdat 46,1 persent van hulle professionele beroepe wil beoefen en 47,4 persent verder as standerd 10 wil leer.

### 3.11 OUERS SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN DIE KIND SE GELEERDHEID

In tabel 3.10 word aangetoon hoe ver die ondersoekgroep en universum se ouers wil hê hulle moet leer.

TABEL 3.10  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE OUERS SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN HOE VER HULLE KIND MOET LEER

Verwagting	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Hulle gee nie huis om nie	14	4,9	1478	2,1
Net totdat ek 16 is en die skool kan verlaat	13	4,5	1380	2,0
Tot standerd 7	7	2,4	478	0,7
Tot standerd 8	57	20,0	6709	9,7
Tot standerd 9	1	0,4	232	0,3
Tot standerd 10	81	28,3	21008	30,4
Verder as st. 10 (uitgesonderd 'n graad)	24	8,4	7599	11,0
Universiteitsgraad	43	15,0	17992	26,0
Hulle verkies dat ek self moet besluit	46	16,1	12274	17,8
<b>TOTAAL</b>	<b>286</b>	<b>100,0</b>	<b>69150</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 3.10 blyk dat ouers van die universum hoër verwagtings vir hulle kinders het as die ouers van epileptiese leerlinge. So byvoorbeeld verwag 37,0 persent leerlinge van die universum se ouers dat hulle verder as standerd 10 moet leer terwyl slegs 23,4 persent epileptiese leerlinge se ouers 'n hoër kwalifikasie as standerd 10 van hulle kinders verwag. Hierdie bevinding hou 'n moontlike verband met dié van tabel 3.6 waarvolgens geblyk het dat die ouers van epileptici laer onderwyskwalifikasies het as ouers van die universum.

Indien tabel 3.10 met tabel 3.9 vergelyk word waar leerlinge moes aantoon hoe ver hulle wil leer, kan opgemerk word dat die leerlinge se onderwysaspirasies in 'n groot mate met dié van hulle ouers ooreenstem, maar dat effens meer leerlinge standerd 10, opleiding na standerd 10 en grade wil behaal as wat hulle ouers van hulle verwag.

### 3.12 OUERS SE FINANSIELE VERMOË OM LEERLINGE TOT STANDERD 10 TE LAAT LEER

Die ondersoekgroep en die universum se beoordeling van hulle ouers se finansiële vermoë om hulle tot standerd 10 te laat leer, verskyn in tabel 3.11.

TABEL 3.11  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIELE VERMOË OM HULLE TOT STANDERD 10 TE LAAT LEER

Kan ouers dit bekostig	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ja	150	52,6	48492	70,2
Nee	47	16,5	3987	5,8
Weet nie	88	30,9	16568	24,0
<b>TOTAAL</b>	<b>285</b>	<b>100,0</b>	<b>69047</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 3.11 is daar 52,6 persent van die epileptiese leerlinge wat meen dat hulle ouers opleiding tot standerd 10 kan bekostig; 16,5 persent se ouers kan dit nie bekostig nie en 30,9 persent is onseker.

Indien die ondersoekgroep se antwoord op hierdie vraag met dié van die universum vergelyk word, lyk dit asof die epileptici se ouers sosio-ekonomies nie so goed daaraan toe is as die ouers van die universum nie. In die geval van die universum van standerd 6-leerlinge, is daar 70,2 persent wat meen dat

hulle ouers opleiding tot standerd 10 vir hulle kan bekostig, dit wil sê 17,6 persent meer as in die geval van die ondersoekgroep. Daar is verder 24,0 persent universumleerlinge wat onseker is, wat 6,9 persent minder as die epileptici is.

### 3.13 OUERS SE FINANSIEËLE VERMOË TEN OPSIGTE VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING

Die leerlinge se beoordeling van hulle ouers se finansiële vermoë om hul=le universiteit toe te stuur, verskyn in tabel 3.12.

TABEL 3.12

#### VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUERS SE FINANSIEËLE VERMOË TEN OPSIGTE VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING

Kan ouers dit bekostig	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ja	72	25,0	25806	37,5
Nee	84	29,2	11956	17,3
Weet nie	132	45,8	31122	45,2
TOTAAL	288	100,0	68884	100,0

Volgens tabel 3.12 meen heelwat minder epileptiese leerlinge dat hulle ouers universiteitsopleiding kan bekostig as wat die geval is met opleiding tot standerd 10 (kyk tabel 3.11). Volgens tabel 3.12 is daar slegs 25,0 persent epileptiese leerlinge wat beweer dat hulle ouers universiteitsopleiding kan bekostig, 29,2 persent wat meen dat hulle ouers dit nie kan bekostig nie en 45,8 persent wat onseker is.

In teenstelling met die epileptiese leerlinge is daar 37,5 persent, dit wil sê 12,5 persent meer universumleerlinge, wat op hierdie vraag bevestigend geantwoord het, maar ongeveer dieselfde persentasie, naamlik 45,2 persent wat onseker is. Die bevinding wat in hierdie paragraaf, asook in paragraaf 3.12 gemaak is, toon 'n verband met die bevinding in paragraaf 3.8 (beroep van vader), waarvolgens blyk dat die ondersoekgroep ongunstig met die universum vergelyk ten opsigte van sosio-ekonomiese agtergrond.

Dit kom dus voor asof epilepsie in 'n groter mate voorkom by gesinne met 'n laer sosio-ekonomiese status. Ten opsigte van hierdie aspek, berig Lennox: "This important subject seems to have escaped study. Probably epilepsy is more common among those with low incomes" (3, bl. 498).

Alhoewel dit op grond van die bevindinge van hierdie ondersoek wil voor=kom asof die ouers van epileptici sosio-ekonomies swakker daaraan toe is as die ouers van die universum, moet die kwessie van mediese behandeling hier deeg=lik in aanmerking geneem word, aangesien voortdurende behandeling noodaaklik is om hierdie siekte onder beheer te kry. Die kostes verbonde aan doktersbe=handeling en medikasies ("anti-convulsive drugs") mag 'n aansienlike bedrag be=loop en dit mag een moontlike rede wees waarom nie so veel ouers van epileptici 'n hoër opleiding vir hulle kinders kan bekostig nie.

### 3.14 GETAL KINDERS IN DIE GESIN

Gegewens ten opsigte van die getal broers en susters van die ondersoek=groep en die universum verskyn in tabel 3.13.

TABEL 3.13  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN

Aantal	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Een (jyself)	7	2,4	2679	3,9
Twee	33	11,4	11722	17,0
Drie	58	20,1	16505	23,8
Vier	49	17,0	14025	20,3
Vyf	46	15,9	9100	13,1
Ses	29	10,0	5701	8,2
Sewe	23	8,0	3580	5,2
Agt	17	5,9	2456	3,5
Nege of meer	27	9,3	3483	5,0
<b>TOTAAL</b>	<b>289</b>	<b>100,0</b>	<b>69251</b>	<b>100,0</b>

Uit tabel 3.13 blyk dat 50,9 persent van die epileptiese leerlinge uit gesinne met 1 tot 4 kinders kom in vergelyking met 65,0 persent in die geval van die universum. Dit blyk dus dat epileptiese kinders in die algemeen uit groter gesinne kom as wat die geval met die universum is, deurdat byna die helfte (49,1%) van die ondersoekgroep leerlinge teenoor 35,0 persent van die universum leerlinge uit relatief groot gesinne, bestaande uit 5 of meer kinders, kom.

Lennox het bevind dat die kans 9 uit 10 is dat die epileptikus die enigste kind in die gesin sal wees wat die siekte het en hy beweer dat dit gelukkig is dat groot gesinne nie hulle proporsionele getal epileptiese gevalle het nie (3).

Volgens Bridge moet die volgende twee vrae gestel word as dit sou blyk dat epileptiese kinders minder broers of susters as 'n kontrolegroep het:

- (a) Is dit waarskynlik dat ander kinders in die gesin ook epileptiese aanvalle sal hê?
- (b) Hoeveel kinders kan die ouers behoorlik grootmaak met die oog op die stremming wat die epileptiese kind op die gesin se welsyn en finansiële vermoëns mag plaas? (5).

### 3.15 POSISIE IN DIE GESIN

Die gegewens ten opsigte van leerlinge se posisie in die gesin word in tabel 3.14 aangetoon.

TABEL 3.14  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS POSISIE IN DIE GESIN

Posisie	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Eerste	77	26,7	20908	30,1
Tweede	76	26,4	19496	28,1
Derde	56	19,4	12734	18,4
Vierde	31	10,8	6948	10,0
Vyfde	21	7,3	3849	5,5
Sesde	7	2,4	2210	3,2
Sewende	5	1,8	1290	1,9
Agste	9	3,1	779	1,1
Negende of daarna	6	2,1	1149	1,7
<b>TOTAAL</b>	<b>288</b>	<b>100,0</b>	<b>69359</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 3.14 beklee 5,1 persent minder van die ondersoekgroep in vergelyking met die universum die eerste en tweede posisie in die gesin. Dit is in ooreenstemming met die bevinding van tabel 3.13 waarvolgens die epileptiese leerlinge uit groter gesinne kom en gevvolglik 'n relatief kleiner kans het om die oudste of tweede oudste kind in die gesin te wees.

Green, soos aangehaal deur Lennox, het bevind dat die persentasie epileptici afneem by jonger kinders in die gesin. Lennox self het bevind dat die moontlikheid dat 'n kind aan epilepsie sal ly, afneem namate hy later in volgorde gebore word. Sy verklaring vir die hoë voorkoms van epilepsie in die geval van die ouere kinders in die gesin is soos volg: "The high incidence in the first three born might be attributed to birth perils, but would probably reflect voluntary limitation in order not to repeat a gloomy experience" (3, bl. 506).

### 3.16 MEDIUM VAN ONDERRIG

Die verdeling van leerlinge volgens medium van onderrig verskyn in tabel 3.15.

TABEL 3.15  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS MEDIUM VAN ONDERRIG

Medium	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Afrikaans	232	80,5	41644	60,0
Engels	50	17,4	25735	37,0
Dubbelmedium	6	2,1	1933	2,8
Duits	0	0,0	139	0,2
Ander taal	0	0,0	8	0,0
<b>TOTAAL</b>	<b>288</b>	<b>100,0</b>	<b>69459</b>	<b>100,0</b>

Indien die verdeling van die ondersoekgroep met die universumverdeling vergelyk word, word dieselfde tendens as in tabel 3.5 (huistaal) opgemerk, deurdat daar in verhouding meer epileptici in Afrikaanse as in Engelse skole is. Waar 60,0 persent van die universum Afrikaanse en 37,0 persent Engelse skole bywoon, is daar dus in verhouding 'n aansienlik groter persentasie epileptici wat Afrikaanse skole bywoon en 'n kleiner persentasie wat Engelse skole bywoon.

### 3.17 PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEË IS

In tabel 3.16 word aangetoon in watter provinsies die skole wat deur leerlinge in 1965 bygewoon is, geleë is.

TABEL 3.16  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEË IS

Provinsie	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Kaap	46	15,8	20096	28,9
Natal	28	9,7	7492	10,8
OVS	25	8,6	5863	8,4
Transvaal	186	63,8	34698	49,9
Suidwes-Afrika	6	2,1	1379	2,0
<b>TOTAAL</b>	<b>291</b>	<b>100,0</b>	<b>69528</b>	<b>100,0</b>

Indien die verspreiding van die universum van standerd 6-leerlinge in provinsies in aanmerking geneem word, blyk dit volgens tabel 3.16 dat die ondersoekgroep by verre die sterkste in Transvaal verteenwoordig is (49,9% universumleerlinge teenoor 63,8% ondersoekgroep leerlinge is in Transvaalse skole) en die swakste in Kaapland (28,9% universumleerlinge teenoor 15,8% ondersoekgroep leerlinge se skole is in Kaapland geleë).

Ten opsigte van die ander provinsies is die verhouding tussen die ondersoekgroep en die universum ongeveer dieselfde.

Die relatief groter persentasie epileptici in Transvaalse skole kan ten dele verklaar word op grond van die feit dat in 1965, toe die Talentopnameprogram geloods is, daar nog geen spesiale skole vir epileptici in Transvaal was nie.

### 3.18 SOORT SKOOL

Gegeweens ten opsigte van die soort skool wat deur leerlinge bygewoon word, verskyn in tabel 3.17.

TABEL 3.17

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SOORT SKOOL VOLGENS BEHEER GEDURENDE 1965

Die indeling van skole volgens beheer soos in tabel 3.17 aangedui, was in 1965 van krag maar het sedertdien verander. Die meerderheid van die epileptiese leerlinge, naamlik 89,6 persent, woon provinsiale skole by (landbouskole ingesluit). Sewe komma nege persent woon tegniese skole of -kolleges by en slegs een leerling (0,4%) woon 'n huishoudskool by. Verder is daar 6 leerlinge (2,1%) wat provinsiaal-ondersteunde of privaatskole bywoon.

Die verspreiding van die universum volgens skole is ongeveer dieselfde as dié van die ondersoekgroep. Die grootste verskille wat voorkom, is in die geval van private kerkskole (3,8% meer universumleerlinge), gewone provinsiale skole (3,5% meer ondersoekgroepleerlinge) en tegniese skole of kolleges (2,9% meer ondersoekgroepleerlinge).

Wat betref die soort skool, is daar eenstemmigheid onder die meeste skrywers dat dit tot voordeel van die epileptikus strek om gewone skole in plaas van spesiale skole vir epileptici by te woon, met dien verstande dat hulle aanvalle in so 'n mate onder beheer is dat hulle nie 'n skadelike uitwerking op ander leerlinge het nie.

Volgens Bridge is daar baie voordele aan verbonde vir epileptici om 'n gewone skool as 'n normale leerling by te woon en om nie as "anders" gesien te word.

word nie. Hy beweer dat as die kind geleer het om sy belemmering te aanvaar as iets wat hy kan hanteer en om nie gegrief daaroor te voel nie, hy 'n belangrike les in gemeenskapslewe geleer het. Sonder hierdie ervaring staan die kind 'n kans om eksentriek of anti-sosiaal te word. Met tye, egter, mag herhaalde aanvalle, gedragsprobleme of swak skoolvordering ander reëlings noodsaak (5).

Green en Steelman se siening omtrent die epileptikus se opvoeding is soos volg: "Public education in relation to epilepsy is a 'must' if we are to minimize the social and psychological insult to epileptic children" (12, bl. 101).

'n Suid-Afrikaanse skrywer, Wulfssohn, is dit met ander skrywers eens dat die epileptiese kind sover as moontlik in 'n gewone skool geplaas moet word. Hy stel dit soos volg: "The accepted policy today throughout the world is to keep the epileptic child, particularly those with normal intelligence, in an ordinary school and to mix them with the other healthy children. Only those whose fits are frequent and poorly controlled or those who are mentally backward should go to a special school for epileptics or perhaps be taught at home by a teacher" (13, bl. 199).

Sakel daarenteen maan ouers om versigtig te wees om 'n epileptiese kind na 'n gewone skool te stuur as gevolg van die potensieel skadelike reaksie van die ander kinders as die epileptikus 'n aanval in hulle teenwoordigheid het. Hy beweer dat die ingebore nuuskierigheid van kinders deur die plaasvind van so 'n gebeurtenis geprikkel sal word en dat dit as 'n welkome afleiding beskou mag word, dikwels tot nadeel van die epileptikus. Hy beweer egter verder dat, volgens die sielkundige benadering, dit baie wenslik is om 'n epileptiese kind van die begin af na 'n publieke skool te stuur met die doel om sy vriende, sowel as homself gewoond te laat word aan aanvalle sodat dit met verloop van tyd hopelik nie meer as iets snaaks beskou sal word nie (14).

Volgens Barrow is die aanvaarding van die epileptikus as 'n normale leerling in die skoolsituasie 'n belangrike faktor in sy aanpassing en dit mag ook op die volgende manier 'n positiewe invloed op sy medeleerlinge hê: "Other students in the classroom may learn important social lessons from recognising that one of their number has a handicap which they are fortunate enough not to have to bear, and that they are capable of assisting the epileptic child in a time of need" (15, bl. 95). Alhoewel bogenoemde 'n mooi ideaal is, is dit onwaarskynlik dat dit in die praktyk so sal werk; skoolkinders sal altyd 'n epileptiese aanval as iets snaaks of afskrikwekkend beskou met steurende gevolge.

W.H. Barnard, prinsipaal van die Jan Krielskool vir epileptici, beweer dat die onderwys en opleiding van epileptiese kinders in spesiale skole ongetwyfeld sekere probleme meebring. Die volgende probleme word deur hom genoem:

- (a) 'n Skool vir epileptici skep 'n milieu wat aanmerklik van dié van die gewone gemeenskap verskil. Dit skep vir die epileptiese kind nuwe probleme wanneer hy uit hierdie milieu in die gewone samelewning opgeneem moet word.
- (b) Bywoning van 'n spesiale skool bestendig die isolasie en afsondering van die epileptiese kind, wat reeds 'n groot agterstand in hierdie opsig mag hê.
- (c) Spesiale skole is gewoonlik klein skooltjies en bied gevoldglik 'n beperkte vakkeuse aan en beperkte geleentheid vir die differensiasie van opleiding. Minstens sommige van die leerlinge in 'n spesiale skool sou met meer voordeel elders opgelei kon word.
- (d) Daar is 'n neiging tot verlaging van standaarde van skolastiese prestasie asook van sosiale gedrag in die spesiale skool. Die gebrek aan vergelykende standaarde beïnvloed onwilligeurig die leerling sowel as die personeel

van die spesiale skool.

(e) Die belangrikste nadeel is ongetwyfeld die stigma wat ongelukkig nog steeds aan die spesiale skool kleef. Dit het tot gevolg dat oudleerlinge van die skool vind dat hulle byvoorbeeld geen werk kan kry nie, tensy hulle die feit verswyg dat hulle die spesiale skool bygewoon het.

Volgens Barnard is daar egter ook ernstige bedenkinge omtrent die vraag of die epileptiese kind in 'n gewone skool tot sy reg kom en of sy opvoeding en opleiding doeltreffend behartig word. Hy noem vervolgens 'n paar van die vernaamste besware teen die bywoning van 'n gewone skool deur 'n epileptiese leerling:

(a) Daar is dikwels by die personeel van die gewone skool 'n groot mate van onkunde omtrent epilepsie. Hulle weet nie hoe om aanvalle wat voorkom te hanteer nie. Daar is ook groot onsekerheid omtrent die aktiwiteite waaraan epileptici toegelaat mag word om deel te neem, met die gevolg dat hulle dikwels onnodiglik van baie dinge uitgesluit word. Daar is min kennis oor geskikte beroepsrigtings vir epileptici en gevolglik ook oor vakkeuses.

(b) Daar is haas geen kennis omtrent die besondere leerprobleme waarmee epileptici te kampe het nie, veral as gevolg van sub-kliniese aanvalle, verskynsels van breinbeserings, die gevolge van medikasie, ensovoorts.

(c) Die aanpassingsprobleme van epileptiese kinders en veral gedragsverskynsels wat hulle mag openbaar, word dikwels nie reg begryp of benader deur die personeel of ander kinders in die gewone skool nie.

(d) Daar is dikwels in die gewone skool geen tyd om persoonlike aandag aan die probleme van die epileptiese kind te gee nie. As hy nie kan byhou nie, as sy onderwys deur aanvalle onderbreek word, as sy aandag fluktueer of as die peil van sy intellektuele vermoë varieer, soos dikwels by epileptici gebeur, dan ly hy daaronder, sonder dat iemand begryp wat die werklike rede daaragter is. Sy gebrek aan vordering word dikwels maar net aan gebrekkige vermoë toegeskryf.

(e) Dit is twyfelagtig of die epileptiese kind in die gewone skool, of sy ouers, altyd die regte inligting en raad omtrent sy moeilikhede en die vooruitsigte vir sy toekoms kry. Daar is dikwels niemand wat in die posisie is om 'n deskundige studie van die geval te maak en 'n duidelike rigting vir die kind aan te dui nie (27).

### 3.19 TOETREDINGSOUDERDOM

Gegewens ten opsigte van die ouderdom van leerlinge toe hulle vir die eerste keer skool toe is, soos deur hulle gerapporteer, verskyn in tabel 3.18.

TABEL 3.18

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOETREDINGSOUDERDOM

Ouderdom	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
5 jaar en jonger	95	32,7	25588	36,9
6 jaar	144	49,6	36124	52,0
7 jaar	46	15,9	7185	10,4
8 jaar	4	1,4	420	0,6
9 jaar en ouer	1	0,4	80	0,1
TOTAAL	290	100,0	69397	100,0

Volgens tabel 3.18 is daar 6,6 persent meer leerlinge van die universum as van die ondersoekgroep wat op 6-jarige leeftyd of jonger vir die eerste keer

skool toe is. Hierteenoor is daar 'n groter persentasie ondersoekgroep leerlinge wat die skool op 7-jarige ouderdom of later vir die eerste keer besoek het.

Die groter persentasie leerlinge van dié ondersoekgroep wat die skool op 'n laat leeftyd vir die eerste keer besoek het, is waarskynlik toe te skryf aan hulle siekte en verklaar ook ten dele waarom hulle gemiddeld ongeveer 3 maande ouer as die universum is (kyk tabel 3.2).

### 3.20 STANDERDS OORGESLAAN

In tabel 3.19 word aangetoon hoeveel leerlinge van die ondersoekgroep en die universum standerds op skool oorgeslaan het.

TABEL 3.19  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS STANDERDS OORGESLAAN

Standerds	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Nooit 'n standerd oorgeslaan nie	271	93,9	65987	95,3
Graad 1	3	1,0	746	1,1
Graad 2	1	0,3	368	0,5
Standerd 1	1	0,3	238	0,3
Standerd 2	0	0,0	261	0,4
Standerd 3	3	1,0	195	0,3
Standerd 4	4	1,4	396	0,6
Standerd 5	6	2,1	1027	1,5
<b>TOTAAL</b>	<b>289</b>	<b>100,0</b>	<b>69218</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 3.19 is daar 93,9 persent van die ondersoekgroep leerlinge wat nog nooit 'n standerd oorgeslaan het nie. Daar is dus 6,1 persent epileptiese leerlinge wat wel 'n standerd oorgeslaan het en hiervan het die grootste enkele persentasie (2,1%) standerd 5 oorgeslaan. Die tweede grootste persentasie (1,4%) het standerd 4 oorgeslaan en 1,0 persent het elk standerd 3 en graad 1 oorgeslaan.

In vergelyking met die universum van standerd 6-leerlinge word daar weinig verskil gevind ten opsigte van standerds oorgeslaan (95,3% universumleerlinge het nooit 'n standerd oorgeslaan nie).

### 3.21 DRUIPING OP SKOOL

Gegewens ten opsigte van die aantal kere wat leerlinge op skool gedruip het, verskyn in tabel 3.20

TABEL 3.20  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DRUIPING OP SKOOL

Kere gedruip	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Nooit gedruip nie	154	52,8	49038	70,7
Een keer	89	30,6	14428	20,8
Twee keer	41	14,1	4896	7,1
Drie keer	6	2,1	864	1,2
Vier keer of meer	1	0,4	160	0,2
<b>TOTAAL</b>	<b>291</b>	<b>100,0</b>	<b>69386</b>	<b>100,0</b>

Van tabel 3.20 kan opgemerk word dat 52,8 persent van die ondersoekgroep nog nooit op skool gedruip het nie. Sewe-en-veertig komma twee persent het dus al gedruip, waarvan 30,6 persent 1 keer, 14,1 persent 2 keer, 2,1 persent 3 keer en 0,4 persent 4 keer of meer gedruip het.

Die 47,2 persent van die ondersoekgroep wat al op skool gedruip het, vergelyk ongunstig met die universum van standerd 6-leerlinge se druppersentasie van slegs 29,3, dit wil sê 17,9 persent meer epileptici as universumleerlinge het tot en met standerd 6 al op skool gedruip. Die heelwat hoër druppersentasie in die ondersoekgroep is waarskynlik gedeeltelik die rede vir hulle hoër ouderdom in standerd 6, soos bevind is in paragraaf 3.3.

Prinsloo het in sy ondersoek selfs n hoër persentasie epileptici gevind wat al op skool gedruip het, naamlik 52 persent. Hiervan was daar 40 persent wat een keer gedruip het en 12 persent wat meer as een keer gedruip het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar nog baie navorsing nodig is ten opsigte van die uitwerking van epilepsie op leerlinge se vorderingsmoontlikhede op skool en hulle intellektuele vermoë (7).

### 3.22 HOUDING TEENOOR SKOOLGAAN

Die gegewens in tabel 3.21 toon aan wat die leerlinge se houding teenoor skoolgaan is.

TABEL 3.21  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR SKOOLGAAN

Houding teenoor skoolgaan	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Hou baie van skoolgaan	118	40,5	28829	41,6
Hou nie veel daarvan nie	148	50,8	36873	53,1
Hou niks daarvan nie	25	8,7	3669	5,3
TOTAAL	291	100,0	69371	100,0

Daar is 40,5 persent epileptiese leerlinge wat, volgens tabel 3.21, baie van skoolgaan hou, 50,8 persent wat nie veel van skoolgaan hou nie en 8,7 persent wat glad nie van skoolgaan hou nie. Hierteenoor is daar 1,1 persent meer universumleerlinge wat baie van skoolgaan hou en 3,4 persent minder universumleerlinge as ondersoekgroep leerlinge wat verklaar dat hulle niks van skoolgaan hou nie.

Bridge maak melding van die probleme wat epileptici ondervind met hulle aanpassing op skool: "Furthermore the other children are often heartless toward someone who has 'fits', is 'crazy' or 'does dumb things' ... He may develop a dislike and antagonism for everything associated with school" (5, bl. 381).

In die lig van Bridge se aanhaling hierbo sou daar verwag word dat n baie groter verskil tussen die epileptici en die universum aangetref moet word wat hulle houding teenoor skoolgaan betref. Die effens groter persentasie (1,1% meer) leerlinge van die ondersoekgroep wat nie veel of glad nie van skoolgaan hou nie, strook dus nie met die verwagting nie.

### 3.23 HOUDING TEENOOR SKOOLREËLS

Leerlinge se menings ten opsigte van die stelling: "Elke kind moet skoolreëls gehoorsaam", word in tabel 3.22 aangetoon.

TABEL 3.22  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR SKOOLREËLS

Elke kind moet skoolreëls gehoorsaam	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ja	261	90,3	62183	89,5
Nie noodwendig nie	25	8,7	6779	9,8
Nee	3	1,0	485	0,7
TOTAAL	289	100,0	69447	100,0

Volgens tabel 3.22 word daar weinig verskil tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref met betrekking tot hulle houding teenoor skoolreëls. Die grootste persentasie leerlinge van beide groepe meen dat skoolreëls wel gehoorsaam moet word en slegs 9,7 persent leerlinge van die ondersoekgroep teenoor 10,5 persent leerlinge van die universum het 'n negatiewe houding daarteenoor.

### 3.24 HOUDING TEENOOR HUISWERK

Gegewens ten opsigte van die leerlinge se houding teenoor huiswerk verskyn in tabel 3.23.

TABEL 3.23  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR HUISWERK

Houding	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Huiswerk het nie veel waarde nie	9	3,2	4097	5,9
Doen dit anders word ek gestraf	60	20,7	12409	17,9
Belangrik - daardeur leer jy om op jou eie te werk	221	76,1	52873	76,2
TOTAAL	290	100,0	69379	100,0

Op die responsie "Huiswerk het nie veel waarde nie", is daar 3,2 persent epileptiese leerlinge wat dié mening toegedaan is, 20,7 persent doen huiswerk net om straf te vermy en 76,1 persent meen dat huiswerk belangrik is omdat dit mens leer om op jou eie te werk. Wat die universum betref, meen byna dieselfde persentasie (76,2%) dat huiswerk belangrik is. 'n Groter persentasie universumleerlinge (5,9%) meen egter dat huiswerk geen waarde het nie, terwyl 'n kleiner persentasie (17,9%) huiswerk doen net om straf te vermy.

Op grond van die onbenullige verskil (0,1%) tussen die ondersoekgroep en die universum wat 'n positiewe houding teenoor huiswerk het, lyk dit asof, net soos in die geval van houding teenoor skoolgaan (par.3.22) en houding teenoor skoolreëls (par. 3.23), daar weinig verskil tussen die ondersoekgroep en die algemene skoolbevolking is wat betref hulle houding teenoor die skool as sodanig, of aktiwiteite in verband met die skool.

### 3.25 HOUDING TEENOOR SPORT

In tabel 3.24 word aangetoon watter houding die ondersoekgroep en die universum teenoor sport het.

TABEL 3.24  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR SPORT

Houding teenoor sport	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Hou niks van sport nie	20	7,0	3701	5,3
Nie seker nie	74	25,8	16401	23,7
Hou baie van sport	193	67,2	49256	71,0
TOTAAL	287	100,0	69358	100,0

Volgens die gegewens in tabel 3.24 blyk dat die epileptici in hierdie ondersoek se houding teenoor sport nie veel van dié van die universum verskil nie, wat teen die verwagting is, aangesien daar verwag sou word dat, as gevolg van die siekte se inhiberende invloed op liggaamlike aktiwiteite, dit 'n meer negatiewe houding daaromtrent sou veroorsaak. Dit word weerspreek deur die slegs 1,7 persent meer epileptici wat verklaar dat hulle glad nie van sport hou nie.

### 3.26 HOUDING TEENOOR GELEERDHEID

In tabel 3.25 word aangetoon wat die ondersoekgroep en die universum se houding teenoor geleerdheid is.

TABEL 3.25  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOOR GELEERDHEID

Houding teenoor geleerdheid	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Het nie veel waarde nie	6	2,2	552	0,8
Weet nie	46	15,9	7456	10,7
Stel mens in staat om die beste van die lewe te maak	238	81,9	61377	88,5
TOTAAL	290	100,0	69385	100,0

Volgens tabel 3.25 is daar 6,6 persent minder leerlinge van die ondersoekgroep wat 'n positiewe houding teenoor geleerdheid het, terwyl slegs 1,4 persent meer van hulle 'n uitgesproke negatiewe houding daarteenoor het. Die kleiner persentasie epileptici wat 'n positiewe houding teenoor geleerdheid het, is hoofsaaklik te wyte aan die groter persentasie wat onseker omtrent hulle houding is. As gevolg hiervan kan die afleiding gemaak word dat die leerlinge in die ondersoekgroep se houding teenoor geleerdheid nie veel van dié van die universum verskil nie.

### 3.27 DEELNAME AAN SKOOLAKTIWITEITE

In tabel 3.26 word aangetoon aan hoeveel aktiwiteite, wat deur die skool georganiseer word, soos rugby, atletiek, Voortrekkers, toneelverenigings ensovoorts, leerlinge aan deelneem.

Volgens tabel 3.26 neem 'n relatief groot persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 32,4 persent, aan geen aktiwiteite deel nie; 25,5 persent neem aan een aktiwiteit deel, 15,8 persent aan twee, 14,1 persent aan drie en 12,2 persent aan vier of meer.

TABEL 3.26

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL AKTIWITEITE WAARAAAN HULLE DEELNEEM

Getal aktiwiteite	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Geen	94	32,4	13081	18,8
Een	74	25,5	15590	22,5
Twee	46	15,8	14581	21,0
Drie	41	14,1	10711	15,4
Vier	16	5,5	7334	10,6
Vyf	10	3,5	4308	6,2
Ses	4	1,4	2133	3,1
Sewe	2	0,7	929	1,4
Agt	1	0,4	365	0,5
Nege of meer	2	0,7	368	0,5
<b>TOTAAL</b>	<b>290</b>	<b>100,0</b>	<b>69400</b>	<b>100,0</b>

In die geval van die universum is daar 'n kleiner persentasie, naamlik slegs 18,4 persent van die leerlinge, wat aan geen aktiwiteite deelneem nie en 22,3 persent, in vergelyking met die ondersoekgroep se 12,2 persent, wat aan vier en meer aktiwiteite deelneem. Dit blyk dus dat daar by epileptiese leerlinge nie so 'n groot belangstelling in skoolaktiwiteite is as wat die geval met die universum is nie, wat moontlik aan hulle fisieke beperkinge toegeskryf kan word.

## 3.28 STOKPERJDIES

In tabel 3.27 verskyn gegewens ten opsigte van die getal stokperdjies wat deur die leerlinge beoefen word.

TABEL 3.27

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL STOKPERDJIES

Getal stokperdjies	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Geen	29	10,1	6081	8,8
Een	57	19,8	15537	22,4
Twee	96	33,3	19641	28,3
Drie	53	18,4	13354	19,3
Vier of meer	53	18,4	14710	21,2
<b>TOTAAL</b>	<b>288</b>	<b>100,0</b>	<b>69323</b>	<b>100,0</b>

Daar is volgens tabel 3.27 slegs 29 leerlinge of 10,1 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 8,8 persent leerlinge van die universum wat geen stokperdjies het nie, met ander woorde daar is slegs 1,3 persent meer epileptici wat nie 'n stokperdjie het nie. Die feit dat 89,9 persent epileptici dus wel stokperdjies het, is verblydend, aangesien skrywers dit as nootsaaklik beskou dat epileptici stokperdjies moet hê om hulself mee besig te hou.

In Prinsloo se ondersoek het hy bevind dat soveel as 52 persent van sy groep geen tyd aan stokperdjies bestee nie (?). Hy het egter met 'n baie heterogene groep gewerk, waarvan 'n groot persentasie volwassenes is en wat moontlik nie die nodige tyd het om 'n stokperdjie te beoefen nie.

Lennox beskou gesonde tydverdryf as bevorderlik vir die moraal van epileptici en beveel aan dat hulle stokperdjies moet hê (3).

So ook beskou Putnam dit as noodsaaklik dat epileptici kreatiewe stokperdjies moet hê: "Creative hobbies are not only of inestimable value in helping meet situations where control of seizures is not complete, but also a means of creating the state of mind and body which is helpful in actually preventing seizures" (18, bl. 133-134).

### 3.29 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ondersoekgroep met die universum vergelyk ten opsigte van hulle responsies op vrae in die Biografiese vraelys wat hulle tydens die 1965-Talentopnameprogram ingevul het. Die bevindinge wat deur middel van 'n vergelyking tussen die epileptiese leerlinge en die universum van standerd 6-leerlinge verkry is, word gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde saamgevat: Persoonlike en ander besonderhede, gesinsagtergrond, skool- en studieaangeleenthede en vrytydsbesteding.

#### 3.29.1 Persoonlike en ander besonderhede

- (a) Die ondersoekgroep bestaan uit effens minder seuns en effens meer dogters in vergelyking met die universumverdeling.
- (b) Die ondersoekgroep was gemiddeld ongeveer 3 maande ouer as die universum in standerd 6.
- (c) In vergelyking met die universumverdeling Afrikaans- teenoor Engels-sprekende leerlinge, word daar in verhouding heelwat meer Afrikaans- as Engels-sprekende leerlinge in die ondersoekgroep aangetref.
- (d) 'n Groter persentasie leerlinge van die ondersoekgroep wil eendag geskoold ambagsmanne en klerke word, terwyl 'n kleiner persentasie van hulle professionele en semi-professionele beroepe wil volg in vergelyking met die universum.
- (e) Die ondersoekgroep se algemene gesondheidstoestand is aansienlik swakker as dié van die universum. Meer as die helfte van die epileptiese leerlinge beweer dat hulle gesondheid nie na wense is nie.
- (f) Die ondersoekgroep was meer dae van die skool afwesig as die universum.

#### 3.29.2 Gesinsagtergrond

- (a) 'n Kleiner persentasie vaders van die ondersoekgroep beklee beroepe in die boonste 4 beroepskategorieë - wat as die hoër sosio-ekonomiese beroepe beskou kan word - as die vaders van die universum.
- (b) Leerlinge van die ondersoekgroep kom uit groter gesinne as leerlinge van die universum.
- (c) Daar kan nie op grond van die verskille tussen die ondersoekgroep en die universum 'n aanvaarbare gevolgtrekking gemaak word met betrekking tot wat-ter kind in die gesin die meeste aan epilepsie onderhewig is nie.
- (d) Epileptiese leerlinge se ouers het minder formele skoolopleiding gehad as die ouers van die universum.
- (e) Dit kom voor asof die ouers van die ondersoekgroep finansieel swakker daaraan toe is as die ouers van die universum, geoordel volgens leerlinge se responsies op die vraag of hulle ouers dit kan bekostig om hulle tot standerd 10 of verder te laat leer.

#### 3.29.3 Skool- en studieaangeleenthede

- (a) In verhouding tot die universumverdeling is daar 'n groter persenta-

sie epileptiese leerlinge in Afrikaanse as in Engelse skole.

(b) Die ondersoekgroep is sterker in Transvaal en swakker in die Kaap verteenwoordig as wat volgens die universumverdeling verwag sou word.

(c) 'n Effens groter persentasie epileptiese leerlinge as universumleerlinge woon gewone provinsiale skole en tegniese skole by.

(d) Die ondersoekgroepleerlinge was effens ouer as die universum toe hulle vir die eerste keer skool toe is.

(e) Ongeveer dieselfde persentasie epileptiese as universumleerlinge het standerds op skool oorgeslaan.

(f) Byna die helfte van die ondersoekgroep, en heelwat meer as die universum, het standerds op skool gedruip.

(g) Epileptiese leerlinge het nie sulke hoë aspirasies soos die universum ten opsigte van opleiding tot standerd 10 of verder nie. Die ondersoekgroep se ouers se verwagtings ten opsigte van hulle geleerdheid stem in 'n groot mate ooreen met dié van die epileptici self, en is nie so hoog as die ouers van die universum se verwagtings nie.

(h) Daar is, teen die verwagting, geen betekenisvolle verskille tussen die universum en die ondersoekgroep aangetref met betrekking tot hulle houding teenoor huiswerk, skoolreëls en skoolgaan nie, terwyl relatief slegs effens minder leerlinge van die ondersoekgroep as die universum 'n positiewe houding teenoor geleerdheid openbaar.

#### **3.29.4 Vrytydsbesteding**

(a) Slegs 'n effens kleiner persentasie leerlinge van die ondersoekgroep as van die universum hou nie van sport nie. Hierdie bevinding is teen die verwagting, aangesien daar verwag sou word dat die siekte se inhiberende invloed op liggaamlike aktiwiteite 'n meer negatiewe houding teenoor sport tot gevolg sou hê.

(b) Daar is by epileptiese leerlinge nie so 'n groot belangstelling in aktiwiteite wat deur die skool georganiseer word as wat die geval met die universum is nie.

(c) Daar is slegs 'n geringe persentasie meer leerlinge van die ondersoekgroep as leerlinge van die universum wat geen stokperdjies het nie.

HOOFSTUK 4  
KLASONDERWYSERS SE BEOORDELING VAN DIE LEERLINGE

4.1 INLEIDING

Om soveel moontlik inligting oor die leerlinge wat aan Talentopname deelgeneem het, te bekom, veral met betrekking tot inligting wat nie geredelik deur hulleself verstrek kon word nie, soos hulle verhouding tot hulle onderwysers en medeleerlinge, het elke leerling se klasonderwyser 'n vraelys ingevul waarin vertroulike inligting oor hom/haar verstrek is. Tesame met die gegewens wat leerlinge oor hulleself in die Biografiese vraelys verstrek het kan die bykomende inligting wat deur hulle klasonderwysers in die Onderwysersvraelys (kyk par. 2.1.2) verstrek is, bydra tot die verkryging van 'n redelik volledige beeld van die leerlinge wat aan Talentopname deelgeneem het.

In hierdie hoofstuk word die ondersoekgroep met die universum vergelyk aan die hand van inligting wat deur hulle klasonderwysers verstrek is met betrekking tot aspekte soos ywer, aanpassing op skool, ensovoorts.

4.2 LEIERSEIENSKAPPE

In tabel 4.1 word aangetoon hoeveel epileptiese leerlinge asook leerlinge van die universum volgens die onderwyser, tekens van leierskap toon.

TABEL 4.1

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSER SE BEOORDELING TEN OPSIGTE VAN TEKENS VAN LEIERSKAP

Leierseieneskappe	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ja	43	15,1	19872	29,0
Nee	241	84,9	48547	71,0
TOTAAL	284	100,0	68419	100,0

Volgens tabel 4.1 is daar 15,1 persent van die ondersoekgroep wat leiersieneskappe toon. Hierteenoor is daar 29,0 persent leerlinge van die universum wat leierseieneskappe toon.

Hierdie 15,1 persent ondersoekgroep leerlinge wat tekens van leierskap toon, is waarskynlik diegene wie se aanvalle ten volle onder beheer is, aangesien dit twyfelagtig is of leerlinge met ongekontroleerde aanvalle die nodige selfvertroue sal openbaar om leiding te gee. Ook is dit onwaarskynlik dat ander leerlinge leiding sal aanvaar van 'n leerling wat aan hewige aanvalle onderhewig is; persone laat hulle nie maklik lei deur iemand aan wie 'n sosiale stigma kleef nie.

Hierdie bevooroordeeldheid van die gemeenskap word ook deur Green en Steelman genoem: "Epilepsy is the only common disorder where the sufferer is apparently more handicapped by the attitude of society than by the disability" (12, bl. 113).

4.3 PRESTASIE OP SPORTGEBIED

Gegewens ten opsigte van die ondersoekgroep en die universum se prestasie op sportgebied verskyn in tabel 4.2.

TABEL 4.2  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE OP SPORTGEBIED

Prestasie	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	96	33,5	9551	14,0
Ondergemiddeld	81	28,3	17076	25,0
Gemiddeld	86	30,1	29792	43,5
Bogemiddeld	18	6,3	9088	13,2
Baie goed	5	1,8	2929	4,3
TOTAAL	286	100,0	68436	100,0

Indien "baie swak" (33,5%) en "ongeremiddeld" (28,3%) saamgevoeg word en "bogemiddeld" (6,3%) en "baie goed" (1,8%) saamgevoeg word, is daar 61,8 persent epileptici wat swak op sportgebied presteer, 30,1 persent wat gemiddeld presteer en 8,1 persent wat goed presteer. Indien dieselfde indeling vir die universum gebruik word, is daar 39,0 persent wat swak presteer, 43,5 persent wat gemiddeld presteer en 17,5 persent wat goed presteer. Die afleiding kan dus gemaak word dat epileptiese leerlinge swakker as die universum op sportgebied presteer soos beoordeel deur die klasonderwysers.

Alhoewel dit in hierdie vraag gaan oor hoe "goed" of "swak" leerlinge in sport presteer en nie soseer of hulle wel deelneem nie, blyk dit dat, na aanleiding van die bevinding wat in paragraaf 3.27 gemaak is, naamlik dat 'n groter persentasie epileptici as leerlinge van die universum aan geen aktiwiteite soos rugby of atletiek deelneem nie, epilepsie tog beperkings op liggaamlike aktiwiteite plaas. Daar is egter nie aanduidings gevind dat die siekte hulle houing teenoor sport, as sodanig, benadeel nie (kyk par. 3.25).

Dit is voor-die-hand-liggend dat daar nie baie epileptici sal wees wat goed op sportgebied presteer nie as gevolg van die siekte wat 'n inhiberende invloed op fisiese aktiwiteite het en in baie gevalle selfs gevaaerlik vir die epileptikus mag wees. Die belangrikste is egter of epileptici wel aan sport deelneem en nie soseer of hulle goed daarin presteer nie.

Daar is baie oor die onderwerp van sportdeelname van epileptici geskryf en die meeste skrywers is oortuig daarvan dat ontspanning en sport uiters noodsaaklik is vir die bekamping van die siekte asook vir die moraal van die epileptikus. Daar word egter op gewys dat die moontlikheid van beserings altyd in gedagte gehou moet word, aangesien sommige sportsoorte, veral in gevalle waar die epileptiese aanvalle nie goed onder beheer is nie, beslis gevaaerlik is en vermy moet word.

Volgens Livingston is daar nog 'n wydverspreide geloof dat fisiese aktiwiteit van epileptici aan bande gelê moet word omdat dit 'n aanval kan presipeer. Hy beweer dat hy uit ondervinding geleer het dat hierdie houding verkeerd is en beslis ontmoedig moet word; vars lug, sonskyn en oefening het 'n heilsame uitwerking op die epileptikus en hulle moet aangemoedig word om aan soveel moontlik fisiese aktiwiteit deel te neem (6).

Ook Lennox beweer: "Physical and mental activity seems to be an antagonist of seizures. Epilepsy prefers to attack when the patient is off guard, sleeping, resting or idling" (2, bl. 134).

Wat veral belangrik is met betrekking tot sport, is volgens Kemp dat die pasiënt wat goed vaar in 'n groot mate bevrediging kry van die oortuiging dat hy nie 'n permanente onvermoë het nie (17).

Bridge beweer dat daar persone is wat huiwerig is om epileptici in groepsport te aanvaar as gevolg van die vrees vir 'n ongeluk as daar 'n onverwagte aanval mag voorkom. Hy beweer ook dat daar soms wel voorsorg getref moet word teen ongelukke gedurende aanvalle, maar dat sulke beperkings die volle begrip van die kind moet hê en nie op 'n slinkse of subtiele manier op hom afgedwing moet word nie (5).

Die rationele benadering vir Fairfield is dat daar so min moontlik beperkings moet wees, maar dat daar streng gehoor gegee moet word aan dié wat wel daar is (16).

Dit is dus belangrik dat epileptici deur onderwysers aangemoedig moet word om, sover hulle beperkings hulle toelaat, soveel moontlik aan sport deel te neem en nie soseer klem op prestasie te lê nie.

#### 4.4 STOKKIESDRAAIERY

In tabel 4.3 word aangetoon hoeveel leerlinge van die ondersoekgroep en die universum hulle aan stokkiesdraai skuldig maak.

TABEL 4.3  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE STOKKIESDRAAI

Stokkiesdraai	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ja	26	9,2	2738	4,0
Nee	260	90,8	66688	96,0
TOTAAL	286	100,0	69426	100,0

Volgens tabel 4.3 is daar 26 leerlinge, of 9,2 persent van die ondersoekgroep wat hulle skuldig maak aan stokkiesdraai, wat 5,2 persent meer is as wat in die geval van die universum aangetref word.

Daar is gewoonlik 'n aantal faktore verantwoordelik vir die verskynsel van stokkiesdraaiery en epilepsie is in hierdie geval waarskynlik een van die belangrikste faktore wat daartoe aanleiding gee. Moontlik is dit die vrees vir vernedering wat met 'n epileptiese aanval gepaard gaan wat leerlinge noop om sonder geldige rede van die skool af te bly.

#### 4.5 INVLOED VAN AFWESIGHEID OP SKOOLPRESTASIE

Gegewens ten opsigte van die invloed van herhaalde afwesigheid op leerlinge se skoolprestasie word in tabel 4.4 aangetoon.

Volgens tabel 4.4 is daar van die 18,6 persent leerlinge van die ondersoekgroep wat herhaaldelik van die skool afwesig is, 10,2 persent wie se skoolwerk nadelig daardeur beïnvloed word, 5,6 persent op wie dit geen invloed het nie en 2,8 persent leerlinge ten opsigte van wie onderwysers onseker is of dit 'n nadelige invloed het.

In vergelyking met die 10,2 persent epileptiese leerlinge, is daar slegs 3,7 persent universumleerlinge op wie se skoolprestasie herhaalde afwesigheid 'n nadelige invloed het.

TABEL 4.4

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE INVLOED VAN HERHAALDE AFWESIGHEID OP SKOOLPRESTASIE

Invloed van afwesigheid	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Nie van toepassing nie	233	81,4	59587	85,8
Nadelige invloed	29	10,2	2544	3,7
Geen invloed nie	16	5,6	6004	8,7
Nie seker nie	8	2,8	1206	1,8
TOTAAL	286	100,0	69341	100,0

Die verskynsel dat 'n groter persentasie ondersoekgroep leerlinge as universumleerlinge se skoolwerk nadelig deur herhaalde afwesigheid beïnvloed word, hang moontlik saam met die feit dat 'n groter persentasie epileptici hulle aan stokkiesdraai skuldig maak (kyk par. 4.4) asook, en waarskynlik in 'n groter mate, daarmee dat hulle algemene gesondheidstoestand aansienlik swakker is as die universum s'n (kyk par. 3.4).

## 4.6 SAMEWERKING MET ONDERWYSERS

Gegewens ten opsigte van leerlinge se samewerking met onderwysers verskyn in tabel 4.5.

TABEL 4.5

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SAMEWERKING MET ONDERWYSERS

Samewerking	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	26	9,1	2406	3,5
Ondergemiddeld	51	17,9	8820	12,7
Gemiddeld	151	52,7	33991	48,8
Bogemiddeld	42	14,7	14572	21,0
Baie goed	16	5,6	9675	14,0
TOTAAL	286	100,0	69464	100,0

Alhoewel die grootste persentasie ondersoekgroep leerlinge, naamlik 52,7 persent, volgens onderwysers 'n gemiddelde samewerking toon, is daar 'n groot persentasie (27,0%) wie se samewerking met onderwysers nie na wense is nie (baie swak en ondergemiddeld). Hierteenoor is daar 20,3 persent wie se samewerking met onderwysers bogemiddeld of baie goed is.

Die ondersoekgroep vergelyk ongunstig met die universum, deurdat daar in vergelyking met die 27,0 persent epileptici wie se samewerking met onderwysers swak is, daar slegs 16,2 persent universumleerlinge is wie se samewerking met onderwysers nie na wense is nie. Daar is verder 48,8 persent van die universumleerlinge wat gemiddelde samewerking toon en 35,0 persent wie se samewerking goed is.

Die vraag wat ontstaan, is wie die skuld moet dra vir die relatief groot persentasie van die ondersoekgroep wat nie goed met hulle onderwysers saamwerk nie. Moet die onderwyser homself nie miskien afvra of hy die nodige begrip van die siekte het of die nodige simpatie teenoor sulke leerlinge toon nie? Gee epileptiese leerlinge se gedrag werklik daartoe aanleiding dat onderwysers

beweer dat hulle samewerking swak is, of is hulle moontlik bevooroordeeld teenoor hierdie leerlinge? Aan die ander kant egter kan die volgende vraag gestel word: In watter mate word die siekte moontlik deur hierdie leerlinge uitgebuit, deurdat hulle simpatie van die onderwysers verwag net wanneer dit hulle pas?

Volgens Bridge sien die onderwyser in die epileptiese kind iemand wat spesiale aandag nodig het en wat die klaskamerroetine versteur: "... many epileptic children present serious behavior problems that in school disrupt and annoy the class as much as the spells themselves" (5, bl. 21) en "... behavior problems may be annoying and difficult to handle. In short, he is the type of pupil whom every teacher would prefer not to have in the room" (5, bl. 380).

Bridge beklemtoon die feit dat onderwysers insig in die siekte moet hê en noem ook die moontlikheid dat onderwysers bevooroordeeld teenoor epileptiese leerlinge mag wees: "If a teacher has been forewarned about the epilepsy and her help and advice sought, serious difficulties almost never arise. On the other hand, if unprepared for the seizures, her attitude toward both child and family is immediately prejudiced" (5, bl. 381).

Lennox gee die volgende raad aan onderwysers ten opsigte van die hantering van die epileptiese leerling: "In the event of an attack the teacher should be calm and competent, even nonchalant, so that the pupils do not take alarm. She should explain to the pupils that the attack witnessed is not dangerous, and that the child is to be treated as if the incident had not taken place. She should be prepared to give facts about epilepsy and to answer questions by child, parent or superintendent" (3, bl. 937).

#### 4.7 YWER TEN OPSIGTE VAN SKOOLWERK

Onderwysers se beoordeling van die ywer wat leerlinge met hulle skoolwerk aan die dag lê, word in tabel 4.6 aangetoon.

TABEL 4.6

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS YWER TEN OPSIGTE VAN SKOOLWERK

Ywer	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	34	11,8	3854	5,6
Ondergemiddeld	76	26,5	11906	17,1
Gemiddeld	126	43,9	31949	46,0
Bogemiddeld	39	13,6	12997	18,7
Baie goed	12	4,2	8718	12,6
TOTAAL	287	100,0	69424	100,0

Volgens tabel 4.6 is daar 'n relatief groot persentasie epileptiese leerlinge, naamlik 38,3 persent, wie se ywer ten opsigte van skoolwerk baie swak of ondergemiddeld is; 43,9 persent lê gemiddelde ywer aan die dag en 17,8 persent se ywer met skoolwerk word deur onderwysers as bogemiddeld of baie goed beskou. In vergelyking met die universum is daar 15,6 persent meer epileptiese - as universumleerlinge wie se ywer met hulle skoolwerk nie na wense is nie.

Alhoewel dit waar mag wees dat baie epileptici nie die nodige ywer met hulle skoolwerk aan die dag lê nie, is dit ook moontlik dat onderwysers epileptiese leerlinge volgens die standarde wat van normale kinders verwag word, be-

oordeel en dat hulle nie al die implikasies van epilepsie met betrekking tot skolastiese prestasie en werkwyer kan insien nie – vandaar die hoë persentasie epileptici wat nie 'n goeie beoordeling van die onderwysers ontvang nie.

'n Ander sy van die saak mag wees dat hierdie leerlinge hulle siekte uitbuit, omdat dit algemeen bekend is dat baie kinders geneig is om hulle siekte – enige vorm daarvan – uit te buit as dit by werk kom, en veral as hulle ook nog oorsimpatieke behandeling ontvang, hetsy van hulle ouers of onderwysers.

Bridge beweer dat epileptici dikwels nie kan bereik wat van hulle verwag word nie en gekritiseer en ontmoedig word. Dikwels kom die onderwyser of ouer nie agter dat hy alreeds sy beste lewer volgens sy talente nie en is hulle ook nie bewus daarvan dat sake net vererger kan word deur 'n vergelyking met ander kinders nie (5).

Bridge beweer verder: "Because the disease is often associated with irritability, with a short attention span, or with defects in brain structure, some epileptic children are below average in work accomplishments. All in all the epileptic child in school is in an unfavorable position and runs a risk of having his problems magnified unless some of the difficulties are smoothed out for him" (5, bl. 213).

Volgens Green en Steelman kan faktore soos rusteloosheid, hiperaktiwiteit, spanning as gevolg van emosionele probleme of die invloed van medikasies, die epileptiese kind se vordering en prestasie verminder (12).

#### 4.8 KANS OM STANDERD 10 TE SLAAG

In tabel 4.7 word onderwysers se mening ten opsigte van leerlinge se kans om standerd 10 te slaag, weergegee.

TABEL 4.7

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS KANS OM STANDERD 10 TE SLAAG

Kans om te slaag	Ondersoeksgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	102	35,6	11252	16,2
Ondergemiddeld	87	30,4	15053	21,7
Gemiddeld	72	25,2	22788	32,9
Bogemiddeld	16	5,6	9748	14,1
Baie goed	9	3,2	10453	15,1
TOTAAL	286	100,0	69294	100,0

Uit tabel 4.7 blyk dat die epileptiese leerling se toekoms wat verdere opleiding betref, maar troebel is, deurdat nie minder nie as 66,0 persent van die leerlinge volgens hulle klasonderwysers nie standerd 10 kan slaag nie (kanse baie swak en ondergemiddeld). Ten opsigte van 25,2 persent van die leerlinge is die kans om standerd 10 te slaag gemiddeld en slegs 8,8 persent van die leerlinge van die totale groep se kans is bogemiddeld of baie goed. Hiertenoor is daar 37,9 persent universumleerlinge wie se kans swak is, 32,9 persent wie se kans gemiddeld is en 29,2 persent wie se kans om standerd 10 te slaag bogemiddeld of baie goed is.

Met betrekking tot akademiese prestasie, berig Green en Steelman soos volg: "Epilepsy may be expected to have some negative influence on educational progress. Early medical care and appropriate education service will minimize this factor. However, in many instances, the tendency to expect less than nor-

mal achievement contributes to this conclusion" (12, bl. 99 - 100).

#### 4.9 OMGANG MET MEDESKOLIERE

In tabel 4.8 word aangedui of leerlinge, volgens hulle klasonderwysers, goed met hulle medeskoliere oor die weg kom of nie.

TABEL 4.8

#### VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OMGANG MET MEDESKOLIERE

Omgang	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Goed	251	88,0	66201	95,7
Swak	34	12,0	2970	4,3
<b>TOTAAL</b>	<b>285</b>	<b>100,0</b>	<b>69171</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 4.8 kom die grootste meerderheid epileptiese leerlinge, naamlik 88,0 persent, goed met hulle medeskoliere oor die weg, terwyl dit met 12,0 persent van die leerlinge nie die geval is nie. Weer word gevind dat epileptiese leerlinge ongunstig met die universum vergelyk, deurdat slegs 4,3 persent universumleerlinge nie goed met hulle medeskoliere klaarkom nie.

Daar kan baie moontlike redes vir hierdie verskynsel wees. Faktore soos swak prestasie op skool, asosiale gedrag, huislike probleme, emosionele probleme, die feit dat hulle bejammer of verwerp word en baie ander faktore kan aanleiding daartoe gee dat hierdie leerlinge nie goed met hulle skoolmaats klaarkom nie.

Bridge beweer dat daar dikwels 'n verandering in die kind se gedrag bemerk word ten tye van die aanvang van epileptiese aanvalle. Hy raak geirriteerd, kan nie konsentreer nie, is hardkoppig en humeurig en verloor belangstelling in dinge wat hy voorheen geniet het om te doen. Van dan af word die toestand erger - skoolgaan geniet hy nie meer nie, hy baklei met sy maats en daar is dikwels dissiplinêre optrede nodig (5).

Bridge beweer verder dat as gevolg van die steurings wat hewige aanvalle in publieke plekke, die skool of in die werksituasie veroorsaak, epileptici dikwels verwerp of uitgesluit word uit sodanige situasies (5).

Lennox beklemtoon die feit dat die kind met epilepsie nie alleen net op-leiding nodig het om hom selfonderhouwend te maak nie, maar dat hy ook die kameradskap en aanvaarding van sy medeskoliere nodig het (3).

#### 4.10 HOOGSTE STANDERD WAT DIE LEERLING KAN SLAAG

In tabel 4.9 word aangetoon wat die hoogste standerd is wat die leerlinge volgens die onderwyser se oordeel kan slaag.

Volgens tabel 4.9 is daar 12,6 persent van die epileptiese leerlinge wat net standerd 6 kan slaag, 9,1 persent wat standerd 7 kan slaag en 40,0 persent wat volgens onderwysers in staat is om standerd 8 te slaag. Daar is dus 'n hoë persentasie, naamlik 61,7 persent, van die epileptiese leerlinge wat nie in staat is om 'n hoër kwalifikasie as standerd 8 te behaal nie. In die geval van die universum is daar heelwat minder leerlinge, te wete 36,2 persent, wat nie 'n hoër standerd as standerd 8 kan slaag nie.

TABEL 4.9  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOOGSTE STANDERD WAT HULLE KAN SLAAG

Standerd	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Standerd 6	36	12,6	2784	4,0
Standerd 7	26	9,1	3985	5,8
Standerd 8	115	40,0	18299	26,4
Standerd 9	14	4,9	3018	4,4
Standerd 10	96	33,4	41245	59,4
TOT AAL	287	100,0	69331	100,0

Daar word verder van die tabel opgemerk dat daar 4,9 persent van die epileptiese leerlinge is wat standerd 9 kan slaag en 33,4 persent wat standerd 10 sal kan slaag. In die geval van die universum is daar 59,4 persent, dit wil sê 26,0 persent meer universumleerlinge as ondersoekgroepleerlinge wat volgens onderwysers in staat is om standerd 10 te slaag.

Dit blyk dus dat, in vergelyking met die universum, die epileptiese leerling se kans om standerd 10 te slaag, heelwat swakker is.

#### 4.11 SAMEVATTING

In Vergelyking van die ondersoekgroep met die universum op grond van hulle klasonderwysers se oordeel, bring aan die lig dat die epileptici in vergelyking met die universum swakker beoordeel word wat betrek prestasie op sportgebied, samewerking met onderwysers, ywer ten opsigte van skoolwerk, omgang met medeskoliere en kans om standerd 10 te slaag. Dit blyk verder dat relatief minder ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge leierseienskappe openbaar, die leerlinge van die ondersoekgroep hulle in 'n hoër mate aan stokkiesdraai skuldig maak en relatief meer van die ondersoekgroepleerlinge se skoolprestasie nadelig beïnvloed word deur herhaalde afwesigheid van die skool. Op grond van onderwysers se menings oor die hoogste standerd wat leerlinge kan slaag, is gevind dat meer as die helfte (61,7%) van die ondersoekgroepleerlinge nie in staat is om 'n hoër standerd as standerd 8 te slaag nie.

Op grond van die inligting wat deur klasonderwysers verstrek is en waarvolgens blyk dat die ondersoekgroep ten opsigte van alle aspekte wat bespreek is, swakker as die universum beoordeel word, ontstaan die vraag of dit baie van hierdie leerlinge nie miskien sal baat om spesiale skole vir epileptici in plaas van gewone skole by te woon nie.

HOOFSTUK 5  
INTELLEKTUELLE VERMOË EN PRESTASIE IN SKOLASTIESE TOETSE EN SEKERE  
SKOOLVAKKE

### 5.1 INLEIDING

In hierdie ondersoek is daar tot dusver vergelykings tussen die ondersoekgroep en die universum getref op grond van agtergrond-, persoonlike- en ander gegewens wat deur die leerlinge self verstrek is, asook op grond van klasonderwysers se beoordeling van leerlinge oor aspekte soos aanpassing op skool, skolastiese verwagting, ensovoorts. In hierdie hoofstuk word bogenoemde inligting aangevul deur inligting wat meer objektief verkry is, naamlik deur middel van gestandaardiseerde sielkundige en ander toetse.

Die ondersoekgroep word eerstens met die universum vergelyk aan die hand van die tellings wat hulle op die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets behaal het. Die toets lewer 'n betroubare aanduiding van die verbale, nie-verbale en totale IK van leerlinge. Na verwerking van die gegewens wat van die NSAG verkry is, kan prestasie hierin ook in stanegepunte uitgedruk word.

Leerlinge se prestasie op die volgende skolastiese toetse wat afgelê is, word ook aangetoon en bespreek, naamlik: Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde, Spellingtoetse, Wetenskapstoets, Aardrykskundetoets en die Geskiedenistoets.

Vervolgens word die ondersoekgroep en die universum se eksamenpunte in sekere vakke wat hulle in die standerd 6-eindeksamen afgelê het, weergegee en bespreek.

### 5.2 INTELLEKTUELLE VERMOË

In tabelle 5.1 en 5.2 word die ondersoekgroep sowel as die universum se gemiddelde IK-tellings en gemiddelde IK-stanegees respektiewelik, aangedui.

TABEL 5.1  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE IK-PUNTE

Subtoets	Ondersoekgroep		Universum	
	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking
Nie-verbaal	93,63	14,57	103,34	15,24
Verbaal	89,31	13,49	101,03	15,81
Totaal	91,08	13,24	101,87	14,69

TABEL 5.2  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE IK-STANEGES

Subtoets	Ondersoekgroep		Universum	
	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking
Nie-verbaal	4,21	1,81	5,41	1,91
Verbaal	3,65	1,74	5,11	1,99
Totaal	3,84	1,68	5,22	1,88

Uit tabelle 5.1 en 5.2 blyk duidelik dat die ondersoekgroep in al die afdelings van die NSAG swakker as die universum presteer. Dit is veral opmerklik in die geval van die verbale IK, waar die ondersoekgroep se gemiddelde prestasie 11,72 IK-punte (1,46 stanegepunte) laer as dié van die universum is. Die

afleiding kan dus gemaak word dat die ondersoekgroep se IK, soos gemeet deur die NSAG, ongeveer 10 IK-punte onder dié van die gemiddelde standerd 6-skool-bevolking is.

Volgens die indeling van Wechsler (31) kan die ondersoekgroep se verbale IK-telling van 89,31 as domnormaal beskou word, terwyl hulle nie-verbale asook totale IK-tellings net binne die grens van die gemiddelde val (kyk tabel 5.3).

Dit is hier nodig om daarop te wys dat die feit dat die ondersoekgroep 'n geselekteerde groep is, steeds in gedagte gehou moet word en dat hulle dus nie as verteenwoordigend van alle epileptici beskou moet word nie.

Daar is al heelwat oor die onderwerp van epileptici se intelligensie geskryf en blybaar is daar nog nie eenstemmigheid by skrywers of epilepsie 'n verlaging van die intellektuele vermoë tot gevolg het of nie. 'n Aantal skrywers se menings oor hierdie onderwerp word hier onder weergegee:

Bryant kom met 'n ietwat vergesogte stelling vorendag, naamlik dat epileptici se intelligensie effens hoër, eerder as laer as die gemiddelde is. Hy stel dit soos volg: "Few people know for example, that epilepsy is not a disease (Sic!) and that it is apt to be associated with a mentality slightly above, rather than below, normal. But tests have proved this to be true" (19, bl. 11).

Verder is daar 'n skrywer soos Blignault wat tot die gevolgtrekking gekom het dat die verstandelike peil van die epileptici wat hy bestudeer het, gemitteeld aansienlik laer was as dié van 'n verteenwoordigende groep normale kinders (9). Die kritiek teen Blignault se bevinding is dat sy ondersoekgroep van epileptici bestaan het uit pasiënte in 'n inrigting.

Bridge beweer dat die gewone kort konvulsie min invloed op die intellektuele vermoë van die epileptikus het - vir 'n paar uur mag hy dof voel, nie in staat wees om te konsentreer nie en aan hoofpyn ly. Ongereelde konvulsies van su 'n aard mag vir baie jare aanhou met geen klaarblyklike verswakking van intellektuele vermoë nie. Aan die ander kant kan volgehoud konvulsies so dikwels as een keer per week, volgens hom, 'n geleidelike verswakking van die geheue en redeneervermoë tot gevolg hê, wat veroorsaak word deur sekondêre beskadiging van die brein, wat die gevolg is van die aanvalle self (5). Bridge noem die volgende oorsake van verstandelike vertraagdheid by epileptici.

(a) Aanvanklike breinbesering waar die oorspronklike oorsaak van die besering met die koördinerende en assosiatiewe funksies van die brein inmeng. Die individu sal dan, ongeag die ontwikkeling of oorsaak van die epileptiese aanvalle, beperkte intellektuele vermoëns openbaar.

(b) Sekondêre skade as gevolg van aanvalle. Ernstige of langdurige aanvalle veroorsaak toestande in die brein wat bykomstige skade aan breinselle veroorsaak. Die graad van verstandelike agteruitgang is ruweg in verhouding tot die voorkoms, ernstigheid en duur van die konvulsies.

(c) Invloed van kalmeermiddels. Baie persone word met groot hoeveelhede kalmeermiddels oor lang tydperke behandel. As gevolg van die kalmerende uitwerking voel die persoon dikwels dof, sy denkvermoë raak stadig en hy ly aan sufheid of dooierigheid, wat maklik as verstandelike agteruitgang beskou mag word.

(d) 'n Tekort aan opvoedkundige en sosiale geleenthede. Die sosiale bemerking van die epileptikus gee dikwels 'n valse indruk van sy intellektuele vermoëns. As hy as gevolg van sosiale verwerping beroof is van sy normale kontak met mense, mag sy handelinge kinderagtig voorkom, alhoewel sy potensialiteit goed is (5).

Lennox beweer dat bewyse van verlaagde intellektuele vermoë net gevind word in 'n minderheid van epileptiese gevalle. Hy haal dieselfde oorsake van verstandelike vertraging as Bridge aan en noem ook nog die genetiese invloed. Volgens Lennox wil tradisie dit hê dat sowel die voorkoms van die aanvalle as die verswakking van intellektuele vermoëns met verloop van tyd vererger.

Die eerste opvatting is volgens hom onwaar en die tweede is slegs in 'n minderheid van die gevalle waar. Selfs hier mag daar ander faktore as epilepsie self wees wat verantwoordelik is vir verstandelike traagheid (3).

Lennox beweer verder dat epileptiese deteriorasie 'n bekende uitdrukking is wat impliseer dat epilepsie verantwoordelik is vir 'n regressie vanaf 'n voorheen normale of hoër verstandelike vermoë, maar volgens hom is daar behalwe vir 'n paar persone in die organiese kategorie, nie bewyse hiervoor nie. 'n Subnormale verstandelike vermoë, wanneer dit voorkom, lyk asof dit eerder die gevolg van een of ander voorafgaande proses is as wat dit 'n gevolg van epilepsie is (3).

Lennox klassifiseer epileptici in die "mildly affected" wat 60 tot 80 persent van die bevolking vorm en wat 'n normale of byna normale IK het. Dan is daar die "moderately subnormal" wat 20 tot 40 persent vorm en die kleinste groep, naamlik die "grossly affected", wat 10 tot 20 persent vorm (3, bl. 1048 - 1050).

Lennox meld nie watter norm hy gebruik van gemaak het om epileptici in die verskillende kategorieë in te deel nie, maar dit is interessant om die epileptiese leerlinge met die universum op grond van Wechsler (31) se IK-indeling te vergelyk, soos aangedui in tabel 5.3.

TABEL 5.3  
INDELING VAN LEERLINGE SE IK-PUNTE VOLGENS DIE WECHSLER-SKAAL

Beskrywing	IK	Ondersoekgroep		Universum	
		N	%	N	%
Subnormaal	69 en laer	14	4,9	731	1,0
Grensgevalle	70 - 79	39	13,6	3769	5,5
Domnormaal	80 - 89	73	25,4	9789	14,2
Gemiddeld	90 - 109	142	49,5	33640	48,8
Bogemiddeld	110 - 119	14	4,9	13022	18,9
Superieur	120 - 129	4	1,4	6053	8,8
Hoogs superieur	130 en hoër	1	0,3	1913	2,8
TOTAAL		287	100,0	68917	100,0

Indien die gegewens in tabel 5.3 in 3 kategorieë ingedeel word, naamlik ondergemiddeld (subnormaal, grensgevalle en domnormaal), gemiddeld en bogemiddeld (bogemiddeld, superieur en hoogs superieur), blyk dat aansienlik meer epileptici in die "ondergemiddeld" kategorie val, naamlik 43,9 persent teenoor die universum se 20,7 persent, wat op 'n meerderheid van 23,2 persent by die epileptici dui. Byna dieselfde persentasie van beide groepe het 'n gemiddelde IK, terwyl 23,9 persent (6,6% teenoor 30,5%) meer universumleerlinge as epileptiese leerlinge 'n bogemiddelde IK het.

Fairfield beklemtoon dit dat die verband tussen epilepsie en verstandelike afwykendheid ver van eenvoudig is en dat dit aanleiding gee tot baie misverstande (16). Net soos Bridge en Lennox beweer sy dat die meeste epileptici ge-

middeld of bogemiddeld is wat intelligensie betref, maar dat 'n baie groter deel van verstandelike afwykendes in hulle geledere gevind word as onder persone wat nie aan epilepsie ly nie. Die redes vir die assosiasie tussen epilepsie en afwykendheid is volgens haar die volgende:

(a) Dieselfde patalogiese toestand wat verstandelike afwykendheid veroorsaak het, mag ook aanleiding gee tot aanvalle, byvoorbeeld breinbeserings, breinvliesontsteking en ander.

(b) Frustrasie en die ontneming van normale belangstellings mag 'n funksionele dofheid veroorsaak, wat moeilik van ware deteriorasie onderskei kan word (16).

Geist kom na sy studie van die literatuur van 19 skrywers tot die gevolgtrekking dat dit oorlaai is met teenstrydige bevindings, maar beweer dat intellektuele deteriorasie gering is indien dit teenwoordig is. Geheue-span is volgens hom die gebied wat die meeste geneig is om beïnvloed te word. Ten slotte kom hy tot die gevolgtrekking dat die ernstigheid van die konvulsie nie die intellektuele vlak beïnvloed nie (20).

Ook Livingston beweer dat daar baie wanopvattinge oor die intelligensie van die epileptikus bestaan. Hy stel dit sterk dat die grootste meerderheid van epileptici, insluitende diogene wat aan volgehewe aanvalle onderhewig is, normale intellektuele vermoëns behou het. Volgens hom kon hy geen beduidende verband tussen epilepsie en verstandelike agteruitgang vind nie, behalwe in gevalle waar kinders aan motoriese epilepsie ("minor motor epilepsy") onderhewig was, maar wat slegs 'n baie klein deel (minder as 5%) van al sy pasiënte verteenwoordig het (6).

Green en Steelman (12) haal 'n studie van Collins oor 400 nie-geïnstitutionaliseerde epileptici aan en kom tot die volgende gevolgtrekkings:

(a) Daar is 'n wye verspreiding in die intelligensie van epileptici. Dit is ook in hierdie ondersoek gevind (kyk tabel 5.3).

(b) Epileptici se gemiddelde intelligensie is heelwat bokant die normale verwagting van die bevolking as geheel.

(c) Min bewyse van verstandelike deteriorasie bestaan, behalwe in orga-niese gevalle.

(d) 'n Positiewe korrelasie is gevind tussen IK en die ouderdom waarop epilepsie begin het.

(e) Daar is 'n lae negatiewe korrelasie tussen IK en die duur van die siekte.

Green en Steelman beweer ten slotte: "... mental defect or low intelligence is not necessarily a concomitant or a result of epilepsy. The disorder may occur in individuals of all degrees of intelligence" (12, bl. 127).

Volgens hulle is Collins se belangrikste gevolgtrekking die volgende: "Environmental causes, particularly those that operate to prevent normal educational opportunities and normal social contacts, may be a potent factor in causing the apparent deterioration, formerly considered inevitable" (12, bl. 127).

Stamps het onder 5 600 pasiënte wat aan grand mal-aanvalle onderhewig was, slegs 5,7 persent gevind wat verstandelik vertraag was. Hy beweer dat pasiënte met suwer grand mal en petit mal oor die algemeen 'n normale intelligensie het (21).

Uit die ondersoeke van die bovenoemde skrywers blyk dat daar heelwat teenstrydige menings oor die verband tussen epilepsie en intelligensie bestaan.

Dit wil egter voorkom asof die meeste skrywers van mening is dat epilepsie nie noodwendig verstandelike agteruitgang tot gevolg het nie, behalwe in 'n minderheid van gevalle waar daar sekondêre breinbeskadiging ontstaan het. 'n Belangrike faktor, wat deur skrywers beklemtoon word, is die sosiale en sielkundige aspekte van epilepsie. As gevolg van sosiale verwerping, 'n oorvloed simpatie, frustrasie van belangstellings en ander sielkundige en sosiale faktore, kom dit dikwels voor asof daar verstandelike agteruitgang by epileptici is.

In die geval van hierdie ondersoek is bevind dat die ondersoekgroep se gemiddelde intelligensie heelwat laer as die van die universum is. Of dit die gevolg is van een of meer oorsake, soos breinbeskadiging met geboorte, sekondêre of ander oorsake wat deur skrywers genoem word, is egter nie moontlik om in hierdie ondersoek te bepaal nie en regverdig moontlik verdere ondersoek.

### 5.3 FREESTASIE IN SKOLASTIESE TOETSE

Die gemiddelde stanegepunte wat die ondersoekgroep en die universum in die skolastiese toetse behaal het, word in tabel 5.4 aangetoon.

TABEL 5.4

#### VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE STANEGEPUNTE IN DIE SKOLASTIESE TOETSE

Toetse	Ondersoekgroep			Universum		
	N	Gemiddelde stanege	Standaardafwyking	N	Gemiddelde stanege	Standaardafwyking
<b>ATTR:</b>						
Eerste taal (Afr.)	235	3,43	1,66	42546	4,73	1,94
Eerste taal (Eng.)	53	3,62	2,00	26088	5,09	2,07
Rekenkunde	288	3,60	1,77	68646	4,88	1,97
Tweede taal (Afr.)	235	4,02	1,59	26088	4,68	2,01
Tweede taal (Eng.)	53	4,23	1,76	42546	5,11	1,85
Geskiedenistoets	287	4,03	1,67	68667	4,90	1,98
Wetenskaptoets	288	3,67	1,79	68710	4,97	1,99
Aardrykskundetoets	281	4,05	1,81	68063	5,00	2,01
<b>Spellingtoetse:</b>						
Eerste taal (Afr.)	232	4,12	1,67	42221	5,01	1,96
Eerste taal (Eng.)	53	3,66	1,58	26298	4,98	1,97
Tweede taal (Afr.)	232	4,33	1,72	25887	4,87	1,97
Tweede taal (Eng.)	51	4,33	1,54	42301	4,96	1,98

Uit tabel 5.4 blyk dat epileptici in al die toetse gemiddeld swakker as die universum presteer.

Ten opsigte van die eerste taal van die ATTR (sowel Afrikaans as Engels), die Wetenskaptoets, die Rekenkundetoets en die Spellingtoets (Engels eerste taal), word die grootste verskille tussen die groepe aangetref, deurdat die ondersoekgroep meer as een stanegepunt swakker as die universum presteer, terwyl hulle ten opsigte van die orige toetse meer as 'n halwe stanegepunt swakker as die universum presteer.

As in aanmerking geneem word dat die ondersoekgroep se gemiddelde IK heelwat laer as dié van die universum is (kyk tabelle 5.1 en 5.2), kom dit nie vreemd voor dat epileptici ook swakker as die universum in die skolastiese toetse presteer nie.

Met die oog op die doelstellings van Talentopname is eksamenpunte om twee redes belangrik, naamlik:

- (a) Dit kan dien as kriterium vir die bepaling van die geldigheid van die toetse wat in die Talentopnameprogramme gebruik is en
- (b) Dit kan dien as aanduiding van sukses in opleiding.

Die eksamenpunte wat die epileptiese leerlinge en leerlinge van die universum in die standerd 6-eindeksamen behaal het, word in tabel 5.5 aangetoon.

TABEL 5.5

DIE 1965 STANDERD 6-EINDEKSAMENPUNTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE UNIVERSUM TEN OPSIGTE VAN SEKERE SKOOLVAKKE

Vak	Ondersoekgroep		Universum	
	Gemiddelde Standaard-prestasie	Afwyking	Gemiddelde Standaard-prestasie	Afwyking
Afrikaans Hoër	44,3%	11,4%	51,1%	12,5%
Afrikaans Laer	38,4%	13,6%	45,9%	14,7%
Engels Hoër	41,2%	10,7%	49,9%	12,7%
Engels Laer	40,8%	13,7%	46,3%	14,5%
Algemene Wiskunde	36,7%	16,5%	46,2%	17,7%
Geskiedenis	40,9%	17,4%	49,3%	17,7%
Aardrykskunde	39,1%	16,6%	49,4%	17,2%
Algemene Wetenskap	37,8%	16,0%	48,7%	17,2%

Van tabel 5.5 kan afgelei word dat epileptiese leerlinge in elke vak minder as 50 persent en ten opsigte van die helfte van die vakke minder as 40 persent behaal het. Die vakke waarin hulle die beste gepresteerd het, is in daalende volgorde Afrikaans hoër graad (44,3%), Engels hoër graad (41,2%), Geskiedenis (40,9%), en Engels laer graad (40,8%). Die vakke waarin hulle die swakkste gepresteerd het, met 'n gemiddelde persentasie van tussen 30 en 39 persent, is Aardrykskunde (39,1%), Afrikaans laer graad (38,4%), Algemene Wetenskap (37,8%) en Algemene Wiskunde (36,7%).

Indien die gemiddelde prestasies van die ondersoekgroep met dié van die universum vergelyk word, blyk dat die epileptiese leerlinge ten opsigte van elke vak swakker as die universum gepresteerd het.

Bridge se verklaring vir die swak prestasie van epileptiese leerlinge op skool is soos volg "... because the disease is often associated with irritability, with a short attention span, or with defects in brain structure, some epileptic children are below average in work accomplishments. All in all the epileptic child in school is in an unfavorable position and runs a risk of having his problems magnified unless some of the difficulties are smoothed out for him" (5, bl. 213).

Fairfield beweer dat die volgende twee faktore dikwels oor die hoof gesien word wanneer 'n epileptiese kind as verstandelik verdraag beskou word:

- (a) Die kind se agterstand is as gevolg van afwesigheid van skool.
- (b) Hy het 'n aanval net voor die eksamen gehad (16).

Green en Steelman beweer dat daar verwag kan word dat epilepsie 'n negatiewe invloed op die opvoekundige proses sal uitoefen, maar dat vroeë behandeling en voldoende opvoeding hierdie faktor sal verklein. Hulle beweer verder dat

daar egter in baie gevalle die neiging bestaan om minder as die normale prestasie van 'n epileptiese leerling te verwag, wat hierdie opvatting dan versterk. Verder sal sulke faktore soos rusteloosheid, hiperaktiwiteit en spanning as gevolg van emosionele probleme of die invloed van medikasie die skoolprestasie verlaag (12).

Pond en Bidwell het bevind dat een-derde van epileptiese pasiënte van skoolgaande ouerdom probleme ten opsigte van skolvordering getoon het, veral as gevolg van gedragsversteurings (22).

Truitt berig soos volg met betrekking tot ondergemiddelde intelligensie en prestasie: "Impairment of intellect may accompany traumatic epilepsy or may occur temporarily as a drug effect. Scholastic learning may be blocked or slowed. Every school psychologist has become familiar with the irregularity of test performance of a pupil with seizures and has listened to a teacher's description of a child with small or subclinical manifestations" (23, bl. 37).

Dit kom dus voor asof al die bogenoemde skrywers van mening is dat epilepsie wel 'n negatiewe invloed op skoolprestasie uitoefen, wat dan ook in ooreenstemming is met die bevindinge van hierdie ondersoek.

#### 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ondersoekgroep met die universum vergelyk ten opsigte van intelligensie en prestasie in skolastiese toetse en sekere eksamenvakke. Die ondersoekgroep se gemiddelde IK-punt, soos gemeet deur die NSAG, is meer as 10 IK-punte laer as dié van die universum. In al die skolastiese toetse wat hulle afgelê het, presteer hulle ten minste 'n halwe standerpunt swakker as die universum en ook in die 8 eksamenvakke ten opsigte waarvan hulle in hierdie ondersoek met die universum vergelyk word, presteer hulle ongeveer 10 persent swakker as die gemiddelde standerd 6-skoolbevolking.

HOOFSTUK 6  
PERSOONLIKHEID

#### 6.1 INLEIDING

'n Aspek waaroor daar baie gegis word en uiteenlopende menings gehuldig word, is die persoonlikheid van die epileptikus, veral met betrekking tot die sogenoemde "epileptiese persoonlikheid".

In hierdie hoofstuk word die ondersoekgroep met die universum vergelyk aan die hand van die gemiddelde stanegepunte wat hulle op die 14 velde van die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV) behaal het met die doel om te bepaal of die ondersoekgroep se persoonlikheidsamestelling van dié van die universum verskil en indien wel, ten opsigte van watter persoonlikheidstrekke.

Tellings ten opsigte van elke veld word in terme van stanegees uitgedruk. 'n Hoë stanegetelling (7, 8 en 9) beteken dat 'n persoon die spesifieke persoonlikheidstrek in 'n hoë mate besit, terwyl 'n lae stanegetelling (1, 2 en 3) daarop dui dat die persoon dié persoonlikheidstrek in 'n mindere mate besit. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hoë tellings nie noodwendig altyd "goed" en lae tellings "swak" is nie.

Slegs die verkorte benaminge van die velde van die HSPV word in hierdie hoofstuk verstrekk. In hoofstuk 2, paragraaf 2.1.5 word 'n vollediger beskrywing van die verskillende velde van die vraelys gegee.

Aangesien aparte norms vir seuns en dogters bereken is, word die geslagte se tellings afsonderlik aangedui.

#### 6.2 BESPREKING

In tabelle 6.1 en 6.2 verskyn die gemiddelde stanegetellings wat seuns en dogters respektiewelik op die 14 velde van die HSPV behaal het.

TABEL 6.1

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE STANEGEPUNTE BEHAAL OP DIE VELDE VAN  
DIE HSPV  
(SEUNS)

Velde	Ondersoekgroep		Universum	
	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking
A Vriendelikheid	4,70	1,92	4,96	1,94
B Intelligentie	4,09	1,97	4,99	2,04
C Egosterkte	4,57	1,78	4,94	1,95
D Prikkelbaarheid	5,27	1,98	4,99	1,98
E Selfhandhawing	4,90	1,95	4,94	1,99
F Entoesiasme	4,82	1,98	5,04	1,98
G Pligsgetrouwheid	4,74	1,86	5,03	1,96
H Avontuurlustigheid	4,59	1,88	4,96	2,05
I Sensitiwiteit	5,64	2,02	4,99	2,03
J Passiewe individualisme	5,54	1,79	5,02	1,94
O Vreesagtigheid	5,22	1,88	4,95	1,97
Q2 Selfgenoegsaamheid	5,06	1,96	4,96	1,99
Q3 Selfbeheersing	4,62	2,09	4,91	2,01
Q4 Gespannenheid	5,52	1,76	5,04	1,95

TABEL 6.2  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE STANEGEPUNTE BEHAAL OP DIE VELDE VAN  
DIE HSPV  
(DOGTTERS)

Velde	Ondersoekgroep		Universum	
	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking
A Vriendelikheid	4,70	1,85	4,92	1,97
B Intelligensie	3,92	1,62	5,07	1,79
C Egosterkte	4,75	1,73	5,05	1,92
D Prikkelbaarheid	5,66	1,94	5,03	2,01
E Selfhandhawing	5,26	1,93	5,01	2,04
F Entoesiasme	4,90	1,74	4,94	1,91
G Pligsgetrouwheid	5,12	1,89	5,03	1,96
H Avontuurlustigheid	4,86	1,79	5,05	1,92
I Sensitiwiteit	4,96	1,97	4,98	1,92
J Passiewe individualisme	5,98	1,64	5,10	1,96
O Vreesagtigheid	4,82	1,82	5,00	1,94
Q2 Selfgenoegsaamheid	5,18	1,82	4,92	2,03
Q3 Selfbeheersing	4,90	1,87	5,05	1,95
Q4 Gespannenheid	5,68	2,01	5,08	2,00

Die veld waar epileptici die meeste van die universum afwyk, is vir albei die geslagte in die geval van veld B (Intelligensie), waar seuns 0,90 stanegepunte en dogters meer as 'n volle stanegepunt (1,15) minder as die universum behaal en dus nie so intelligent as die universum is nie. Hierdie bevinding is ook gemaak in hoofstuk 5.2.

In die geval van die ondersoekgroepseuns word die tweede grootste afwyking van die universumseuns ten opsigte van veld I (Sensitiwiteit) aangetref, waar hulle 'n hoër stanegepunt as die universumseuns behaal het. Hulle is dus meer sensitief, afhanklik, fyngevoelig en oorbeskermd as die universumseuns. Die ondersoekgroepseuns het ook 'n hoër tellings (in dalende volgorde) as die universumseuns op veld J (Passiewe individualisme), veld Q4 (Gespannenheid), veld D (Prikkelbaarheid), veld O (Vreesagtigheid), en veld Q2 (Selfgenoegsaamheid) behaal. Hulle besit die bogenoemde persoonlikheidstrekke dus in 'n groter mate as die universumseuns.

Ten opsigte van die volgende velde het die ondersoekgroepseuns laer tellings as die universumseuns behaal en besit dus hierdie persoonlikheidstrekke in 'n minder mate: veld C (Egosterkte), veld H (Avontuurlustigheid), veld Q3 (Selfbeheersing), veld G (Pligsgetrouwheid), veld A (Vriendelikheid), veld F (Entoesiasme) en veld E (Selfhandhawing).

Behalwe vir Intelligensie, is die veld ten opsigte waarvan die ondersoekgroepdogters die meeste van die universumdogters afwyk, veld J (Passiewe individualisme). Hulle het 'n hoër gemiddelde stanegepunt op hierdie veld behaal, wat daarop dui dat hulle meer weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties en terughoudend as die universumdogters is.

Ander velde waarop die ondersoekgroepdogters hoër tellings as die universumdogters behaal het is, in dalende volgorde, die volgende: Veld D (Prikkelbaarheid), veld Q4 (Gespannenheid), veld Q2 (Selfgenoegsaamheid), veld E (Selfhandhawing) en veld G (Pligsgetrouwheid).

Velde waarop die ondersoekgroepdogters laer tellings as die universumdogters behaal het, is veld C (Egosterkte), veld A (Vriendelikheid), veld H (Avontuurlustigheid), veld O (Vreesagtigheid), veld Q3 (Selfbeheersing), veld

F (Entoesiasme) en veld I (Sensitiwiteit).

Uit die voorafgaande blyk dat, met die uitsondering van veld Q2 (seuns en dogters) en velde E, O, G en I (dogters), die ondersoekgroep in die algemeen "minder gewenste" tellings as die universum op die velde van die HSPV behaal het. Die verskille is in die meeste gevalle egter gering, behalwe in die geval van veld B (Intelligensie). Ten opsigte van veld J (Passiewe individualisme - seuns en dogters), veld I (Sensitiwiteit - seuns), veld D (Prikkelbaarheid - dogters), en veld Q4 (Gespannenheid - dogters) het die ondersoekgroep meer as 'n halwe stanegepunt meer as die universum behaal en besit hierdie persoonlikheidstrekke dus in 'n groter mate as die universum.

Behalwe vir intelligensie en moontlik die laasgenoemde 4 velde, is daar nie enige noemenswaardige verskille tussen die ondersoekgroep en die universum nie.

Daar is al baie oor die sogenaamde "epileptiese persoonlikheid" geskryf waarvolgens 'n epileptikus 'n tipiese soort persoonlikheid sou hê wat van dié van normale persone verskil. 'n Aantal skrywers se menings omtrent hierdie aspek van epilepsie word weergegee.

Kok haal die volgende skrywers aan wat 'n mening gee ten opsigte van die epileptikus se persoonlikheid:

(a) Fétré: "Their character is essentially unstable" en "Epileptics are in general moody and indolent".

(b) Fabret: Volgens hom is geirriteerdheid die dominante persoonlikeidseienskap van die epileptikus.

(c) Clark: Hy beskou epileptiese aanvalle as 'n manifestasie van die persoonlikheid en noem 'n paar eienskappe wat tipies van 'n epileptikus sou wees (8, bl. 20-22).

Blignault haal 'n aantal skrywers aan wat van mening is dat daar 'n tipiese epileptiese persoonlikheid bestaan, maar beweer dat hierdie skrywers telkens in gebreke bly om hulle verklaarings bevredigend te motiveer. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die uitsprake van skrywers oor die persoonlikheid van die epileptiese persoon as oordrewe, algemene stellings beskou moet word. Hyself kon geen bewyse vir die bestaan van 'n tipiese epileptiese persoonlikheid vind nie (9).

Bridge beweer dat 'n "epileptiese persoonlikheid" nie noodwendig met epilepsie gepaard gaan nie, maar eerder 'n reaksie van die individu op die beperkinge is wat die aanvalle en die omgewing op hom afdwing, sowel as sy onvermoë om bevredigende kompenserende uitlate te vind. Hy beweer verder dat die persoonlikeidsveranderinge essensieel dieselfde is as wat deur enige ander persoon ondervind sal word as hy aan dieselfdegraad van fisiese belemmering, beperking van vryheid en die frustrasie van belangstellings blootgestel word (5).

Bridge erken egter dat as gevolg van die feit dat die epileptikus in 'n gedurende vrees vir aanvalle lewe, sielkundige en emosionele probleme mag ontstaan. Hy besef dat hy "anders" is as ander mense en sonder hulp sal hy byna altyd ernstige persoonlikeidsversteurings ontwikkel (5).

Volgens Lennox sou die eienskappe wat die epileptiese persoonlikheid uitmaak, almal onwenslik wees, byvoorbeeld hardkoppigheid, aggressiwiteit, introversie en ander. Hy meld egter verder dat die onbruik van die term "epileptiese persoonlikheid" vandag 'n bemoedigende teken is (3).

Ook ander skrywers soos Alström (11), Livingston (6), Putnam (18) en Green en Steelman (12), ontken die bestaan van 'n tipiese epileptiese persoonlikheid.

### 6.3 SAMEVATTING

- (a) Die veld ten opsigte waarvan epileptici die meeste van die universum verskil, is Intelligensie.
- (b) Die ondersoekgroepdogters is meer weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties en terughoudend as die universumdogters.
- (c) Die ondersoekgroepseuns is meer sensitiief, afhanklik, fyngevoelig en oorbeskermd as die universumseuns.
- (d) Daar is 'n neiging vir die epileptici om die minder gewenste persoonlikheidseienskappe in 'n groter mate as die universum te openbaar. Nieteenstaande die feit dat die verskille tussen die ondersoekgroep en die universum nie groot is nie, is die afwyking van die universum nie weg te redeneer nie, deurdat daar op grond van die tellings op die vraelys wel aanduidings bestaan dat dié epileptiese leerlinge in hierdie ondersoek moontlik as 'n probleemgroep beskou kan word.

## HOOFSTUK 7

## AANPASSING

## 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word nagegaan hoe die ondersoekgroep aangepas is, veral met betrekking tot hulle sosiale en persoonlike aanpassing, en word die groep met die universum vergelyk met die doel om te bepaal of hulle van die gemiddelde skoolbevolking in standerd 6 verskil ten opsigte van die bovenoemde gebiede van aanpassing. Vir dié doel word die Aanpassingsvraelys gebruik, met behulp waarvan daar 'n gemiddelde telling vir 10 veldes van aanpassing verkry word, soos aangedui in tabel 7.1. ('n Vollediger beskrywing van die 10 veldes van aanpassing wat deur die vraelys gemeet word, verskyn in hoofstuk 2, par. 2.1.6.)

Ten opsigte van elke veld dui 'n lae telling op 'n beter aanpassing as 'n hoë telling.

## 7.2 BESPREKING

Tellings wat leerlinge op die Aanpassingsvraelys behaal het, verskyn in tabel 7.1.

TABEL 7.1

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE GEMIDDELDE ROUPUNTELLINGS OP DIE AANPASSINGSVRAELYS

Veld	Ondersoekgroep		Universum	
	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking
1 Selfvertroue	8,90	3,24	8,70	3,53
2 Gevoel van eiewaarde	7,90	4,48	6,38	4,07
3 Gevoel van persoonlike vryheid	4,56	3,70	3,50	3,25
4 Gevoel van aanvaarding en erkenning	5,68	3,33	4,26	3,20
5 Sosiale verhoudings	4,47	2,04	4,25	2,11
6 Simptome van senuwee-agtigheid	7,70	3,25	6,89	3,19
7 Morele inslag	4,99	2,71	4,28	2,76
8 Huislike verhoudings	3,72	2,59	3,03	2,42
9 Skoolverhoudings	5,70	3,11	5,07	3,03
10 Emosionaliteit	6,93	3,81	5,89	3,44
X-telling	3,06	1,99	2,78	2,00

Volgens tabel 7.1 blyk dat die ondersoekgroep ten opsigte van al die veldes van die Aanpassingsvraelys swakker as die universum aangepas is, deurdat hulle op elke veld 'n hoër gemiddelde telling as die universum behaal het. Ten opsigte van veld 2 (Gevoel van eiewaarde), veld 4 (Gevoel van aanvaarding en erkenning), veld 3 (Gevoel van persoonlike vryheid) en veld 10 (Emosionaliteit) is die afwyking van die universum die grootste. Van hierdie verskille kan afgelei word dat epileptici in 'n mindere mate hulle swakhede kan erken as die universum en dat hulle nie 'n rasionele begrip het van waartoe hulle in staat is nie (Gevoel van eiewaarde). Hulle voel verder in 'n groter mate as die universum dat hulle nie aanvaar word nie (Gevoel van aanvaarding en erkenning), hulle voel dat daar meer beperkings op hulle vryheid geplaas word (Gevoel van persoonlike vryheid) en emosioneel is hulle ook nie so ryp en stabiel nie (Emosionaliteit).

Bridge beweer dat sommige kinders hulleself goed by die siekte en die beperkings daarvan aanpas en ook goed aangepas is op skool, in die gemeenskap en by die huis en volhou met normale aktiwiteite en belangstellings. By die meeste is daar egter volgens hom persoonlikheidsprobleme aanwesig wat 'n invloed op die intensiteit van die simptome het, op die totale belemmering en ook op die kind se vermoë om 'n normale lewe te lei.

Hy beweer ook dat beperkings op die epileptiese kind se sosiale lewe en sy vryheid van beweging, saam met die voorgeskrewe mediese behandeling, 'n gevoel van vrees ten opsigte van sy gesondheid en sekuriteit laat ontstaan wat hom kenmerk as anders as diegene met wie hy assosieer.

Volgens Bridge hang die kind se aanpassing op skool in 'n groot mate af van hoe dikwels aanvalle plaasvind. 'n Enkele konvulsie wat sonder waarskuwing gedurende skoolure voorkom, mag veroorsaak dat die kind ontsteld, verleë, dof en onverskillig voel (5).

Sakel beklemtoon dat die epileptikus nie net alleen deur moontlike ongelukke en versteurings wat die onmiddellike manifestasies van die siekte is, belemmer mag word nie, maar ook deur sy eienaardige plek in verhouding tot die res van die gemeenskap, deurdat hy selfs gedurende die afwesigheid van aanvalle belemmer mag word deur die emosionele en sosiale implikasies van die siekte (14).

Truitt beweer dat die toestand waarin 'n persoon voor die aanvang van die siekte verkeer, belangrik is in so verre dit sy reaksies teenoor die belemmering betref. As die persoon wat die aanvalle ontwikkel 'n volwassene is wat sterk en goed aangepas is, is die kans ook goed dat hy hom by die siekte sal aanpas. As die aanvang van epilepsie egter voorafgegaan word deur wanaanpassing, sal die siekte dié soort gedrag versterk (23).

Aangesien die ondersoekgroep se gemiddelde ouderdom ongeveer 14 jaar is en hulle dus in die meer emosioneel onstabiele toestand van die puberteitstadium verkeer, kan daar verwag word dat epilepsie 'n sterk invloed op hulle aanpassing sal uitoefen, deurdat daar, afgesien van die gewone probleme wat deur tienderjariges in hierdie tyd ondervind word, nog die bykomstige probleem van epilepsie is, wat hulle aanpassing nog moeiliker sal maak. Volgens Kemp begin 70 persent van alle epileptiese aanvalle voor die ouderdom van 20 jaar en die meeste gedurende die puberteitsjare (17).

Ook Prinsloo het bevind dat ongeveer driekwart (77,0%) van die gevallen in sy ondersoekgroep 'n eerste epileptiese aanval gehad het voor die ouderdom van 15 jaar (7).

Volgens Barrow en Fabling is dit baie belangrik vir die kind se aanpassing dat hy as 'n normale persoon behandel moet word, veral in die skool. Leerlinge en onderwysers moet voorbereid wees op moontlike aanvalle want sodoende sal dit nie soveel ontwrigting veroorsaak nie en die epileptiese leerlinge sal nie so in die verleentheid gestel word nie (15).

Soos in hierdie ondersoek gevind, is bogenoemde skrywers dus ook van mening dat epilepsie wel 'n negatiewe uitwerking op die kind se aanpassing het, wat die noodsaaklikheid van die nodige aandag en leiding aan epileptici beklemtoon.

### 7.3 SAMEVATTING

Epileptiese leerlinge is op al 10 die velde van die Aanpassingsvraelys swakker as die universum van standerd 6-leerlinge aangepas, maar wyk die meeste af ten opsigte van hulle gevoel van eiewaarde.

Aangesien die ondersoekgroep ten tye van die ondersoek in die puberteitsstadium verkeer het en die meeste aanvalle gedurende hierdie tydperk vir die eerste keer voorkom, was hulle aanpassing waarskynlik as gevolg hiervan moeiliker as dié van normale leerlinge, omdat hulle, benewens die gewone probleme wat gedurende puberteit ondervind word, nog die bykomstige probleem van epilepsie gehad het.

HOOFSTUK 8  
SLOT EN AANBEVELINGS

8.1 ALGEMENE SAMEVATTING

Die ondersoekgroep vir hierdie studie bestaan uit 'n groep geselekteerde leerlinge, naamlik 291 standerd 6-leerlinge in gewone skole, dit wil sê spesiale skole vir epileptici uitgesluit, wat aangedui het dat hulle epilepsie as hulle grootste gesondheidsprobleem beskou en verteenwoordig 0,4 persent van die universum van 69 908 standerd 6-leerlinge wat in 1965 aan Talentopname deelgeneem het.

Die ondersoekgroep is aan die hand van die gegewens verkry deur middel van sekere toetse en vraelyste wat tydens die 1965-Talentopnameprogram afgelê en ingevul is, met die st.6-universum (die kontrolegroep) vergelyk. Die vernaamste bevindinge word kortliks hieronder weergegee.

8.1.1 Persoonlike besonderhede, huislike en skoolagttergrond

- (a) Die ondersoekgroep bestaan uit effens minder seuns as dogters in vergelyking met die universumverdeling en was gemiddeld ongeveer 3 maande ouer in standerd 6 as die algemene skoolbevolking.
- (b) Die ondersoekgroep se algemene gesondheidstoestand was heelwat swakker as die universum s'n en hulle was ook meer dae van die skool afwesig.
- (c) Daar is heelwat meer Afrikaanssprekende leerlinge in die ondersoekgroep as wat verwag sou word indien die verhouding Afrikaans- tot Engelssprekende leerlinge in die universum in aanmerking geneem word.
- (d) Goeordeel volgens leerlinge se antwoorde op vrae oor hulle ouers se beroep, opvûeskundige peil en finansiële vermoë om hulle tot standerd 10 of verder te laat leer, blyk dat die ondersoekgroep se ouers sosio-ekonomies swakker daaraan toe is as die ouers van die universum.
- (e) Die leerlinge van die ondersoekgroep het nie sulke hoë aspirasies ten opsigte van skool- en akademiese opleiding soos die universum nie, wat verband hou met die ondersoekgroep se ouers se laer verwagting met betrekking tot hulle verdere opleiding. Aansluitend hierby is daar ook relatief minder leerlinge van die ondersoekgroep as van die universum wat eendag professionele en semi-professionele beroepe wil volg.
- (f) Die ondersoekgroep kom uit groter gesinne en relatief minder van hulle beklee die eerste of tweede posisie in die gesin in vergelyking met die universum.
- (g) Die ondersoekgroep is die sterkste in Transvaalse skole en die swakste in Kaaplandse skole verteenwoordig in vergelyking met die verdeling van die universum volgens provinsies. Die feit dat daar in 1965 nog nie 'n spesiale skool vir epileptici in Transvaal bestaan het nie, is die waarskynlike rede hiervoor.
- (h) Dié ondersoekgroep het op 'n later ouerdom die skool vir die eerste keer besoek en 'n aansienlik hoër persentasie van die ondersoekgroep het op laerskool gedruip in vergelyking met die universum.
- (i) 'n Geringe hoër persentasie leerlinge van die ondersoekgroep as van die universum het 'n negatiewe houding teenoor skoolgaan, skoolreëls, huiswerk, sport en geleerdheid. Hierdie verskille is egter te klein om van enige praktiese betekenis te wees.
- (j) Die ondersoekgroep stel in 'n mindere mate as die universum belang in aktiwiteite wat deur die skool gereël word, soos rugby, atletiek, ensovoorts, maar slegs 'n effens laer persentasie epileptici as leerlinge van die universum het geen stokperdjies nie.

#### 8.1.2 Onderwysers se beoordeling van die leerlinge

(a) Volgens die leerlinge se klasonderwysers toon slegs 'n geringe persentasie van die epileptiese leerlinge enige tekens van leierskap; hulle presteer swakker op sportgebied, maak hulle meer aan stokkiesdraai skuldig, werk nie so goed met hulle onderwysers saam nie en kom swakker met hulle medeskoliere oor die weg as die universum.

(b) 'n Groter persentasie epileptici as universumleerlinge se skooldrastasie word nadelig beïnvloed as gevolg van herhaalde afwesigheid en hulle ywer met skoolwerk asook hulle kanse om standerd 10 te slaag is wakker as dié van die universum.

(c) Volgens onderwysers is meer as die helfte van die epileptici nie in staat om 'n hoër standerd as standerd 8 te slaag nie.

#### 8.1.3 Intelligenzie en prestasie in skolastiese toetse en sekere skoolvakke

(a) Die epileptici se IK is heelwat laer as dié van die universum.

(b) In al die skolastiese toetse, naamlik die ATTR, Geskiedenistoets, Wetenskapstoets, Aardrykskundetoets en Spellingtoetse presteer die ondersoeksgroep swakker as die universum.

(c) Die ondersoeksgroep presteer swakker as die universum in hulle skoolvakke, geoordeel volgens hulle standerd 6-eindeksamenpunte.

#### 8.1.4 Persoonlikheid

Die ondersoeksgroep besit die meer onwenslike persoonlikheidseienskappe in 'n groter mate as die universum. Alhoewel die verskille tussen die ondersoeksgroep en die universum nie groot is nie, dui dit tog daarop dat die epileptici 'n ietwat minder gebalanseerde persoonlikheidsamestelling het as die gemiddelde standerd 6-leerling.

#### 8.1.5 Aanpassing

Die ondersoeksgroep is swakker as die universum aangepas, veral met betrekking tot hulle gevoel van eiewaarde, gevoel van aanvaarding en erkenning, gevoel van persoonlike vryheid, emosionaliteit en senuweeaftigheid.

### 8.2 AANBEVELINGS

In hierdie ondersoek is bevind dat baie van die epileptiese leerlinge in standerd 6 ten opsigte van sosio-ekonomiese agtergrond, intellektuele vermoë, skolastiese prestasie, persoonlikheid en aanpassing blykbaar as gevolg van hulle siekte of toestand geensins opgewasse is vir die eise wat die gewone skool en skoollewe aan hulle stel nie. Die vraag kan gestel word of minstens sommige van hierdie leerlinge nie in 'n spesiale skool tuishoort soos ander epileptiese kinders nie.

Daar word aanbeveel dat skoolhoofde, onderwysers, ouers en alle persone wat met die opvoeding en opleiding van epileptiese leerlinge in gewone skole gemoeid is, kennis neem van die besondere probleme van hierdie leerlinge en deskundige advies inwin oor die hantering van sulke kinders, veral tydens epileptiese aanvalle. Sodanige deskundige advies is beskikbaar van die sielkundige dienste van die verskillende onderwysdepartemente asook van die Suid-Afrikaanse Nasionale Epilepsieliga (SANEL), Posbus 4197, Pretoria. Hierdie organisasie het in 1967 tot stand gekom en streef die volgende doelstellings na (25):

(a) Om 'n nasionale diens vir epileptici te verseker.

(b) Om die stigting van streekverenigings vir epileptici aan te moedig en te ondersteun.

(c) Om die werkzaamhede van geaffilieerde organisasies en ander belangstellende liggeme te koördineer.

- (d) Om voorligting betreffende alle aspekte van epilepsie te verskaf en om op te tree as 'n openbare inligtingsmedium.
- (e) Om hulp te verleen en om beleid te formuleer ten opsigte van die identifisering en behandeling, opvoeding, indiensneming en algemene welvaart van epileptici asook om 'n studie van die oorsake, behandeling en voorkoming van epilepsie te maak en om hulp te verleen met betrekking tot navorsing.

Op 'n vergadering van SANEL is voorligting aan onderwysers as van groot en onmiddellike belang beskou (26).

#### 8.3 SLOT

Verslae oor die skolastiese vordering en ander aspekte van die ontwikkeling van die epileptiese leerlinge gedurende hulle huërskoolloopbane tot hulle uiteindelike indiensneming en opname in die land se arbeidsmag, sal mettertyd aan die hand van opvolggegewens wat deur die Talentopnameprogramme ingesamel is (en nog steeds ingesamel word) opgestel en gepubliseer word.

LITERATUURVERWYSINGS

- 1 MASLAND, R.L. Classification of the epilepsies. Epilepsia Vol. 1, 1959-60: 512-520.
- 2 LENNOX, W.G. Science and seizures. New York, Harper, 1946.
- 3 LENNOX, W.G. and LENNOX, M.A. Epilepsy and related disorders. Boston, Little, Brown & Co., 1960.
- 4 PENFIELD, W. and JASPER, H. Epilepsy and the functional anatomy of the brain. London, Churchill, 1954.
- 5 BRIDGE, E.M. Epilepsy and convulsive disorders in children. New York, McGraw-Hill, 1949.
- 6 LIVINGSTON, S.L. Living with epileptic seizures. Springfield, Thomas, 1963.
- 7 PRINSLOO, C.E. Aspekte van epilepsie in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1967. (Navorsingsreeks no. 56.)
- 8 KOK, J.C. 'n Pedagogiese ondersoek na die persoonsbeeld van epileptiese kinders. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1965. (M.Ed., Universiteit van Pretoria, 1965.)
- 9 BLIGNAULT, A.P. Die Epileptiese kind en sy opvoeding. Pretoria, Unisa, 1943. (M.Ed., Universiteit van Suid-Afrika, 1943.)
- 10 GIBBS, F.A. A Definition of epilepsy. In WRIGHT, G.N., GIBBS, F.A. and LINDE, S.M. ed. Total rehabilitation of epileptics. Washington, U.S. Department of Health, Education and Welfare, Office of Vocational Rehabilitation, 1962.
- 11 ALSTRÖM, C.H. A Study of epilepsy in its clinical, social and genetic aspects. Uppsala, Appelbergs Boktryckeriaktiebolag, 1950.
- 12 GREEN, J.R. and STEELMAN, H.F. Epileptic seizures. Baltimore, Williams and Wilkins, 1956.
- 13 WULFSOHN, M. Some aspects of epilepsy. Rehabilitation in South Africa 4 (4), December 1960: 196-201.
- 14 SAKEL, M. Epilepsy. London, Owen, 1959.
- 15 BARROW, R.L. and FABING, H.D. Epilepsy and the law. New York, Hoeber, 1956.
- 16 FAIRFIELD, L. Epilepsy. London, Duckworth, 1954.
- 17 KEMP, R. Understanding epilepsy. London, Tavistock Publications, 1963.
- 18 PUTNAM, T.J. Epilepsy. New York, Lippincott, 1958.
- 19 BRYANT, J.E. Genius and epilepsy. Concord, Ye Old Depot Press, 1953.
- 20 GEIST, H. The Etiology of idiopathic epilepsy. New York, Exposition Press, 1962.
- 21 STAMPS, F.W. Intellectual and personality complications. In WRIGHT, G.N., GIBBS, F.A. and LINDE, S.M. ed. Total rehabilitation of epileptics. Washington, U.S. Departement of Health, Education and Welfare, Office of Vocational Rehabilitation, 1962.
- 22 POND, D.A. and BIDWELL, B.H. A Survey of epilepsy in fourteen general practices. Epilepsia Vol. 1, 1959-60: 285-298.
- 23 TRUITT, C.J. Psychological problems confronted. In WRIGHT, G.N., GIBBS, F.A. and LINDE, S.M. ed. Total rehabilitation of epileptics. U.S. Departement of Health, Education and Welfare. Office of Vocational Rehabilitation, 1962.
- 24 CATTELL, R.B. Jr. - Sr. Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV) deur R.B. Cattell en H.A. Beloff; vert. deur E.M. Madge. Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1967.
- 25 SANEL - Konstitusie. (Pretoria, die Liga.).

- 26 SANEL - Notule van vergadering gehou op Maandag 8 April 1968. (Kaapstad,  
die Liga, 1968.)
- 27 BARNARD, W.H. Die Onderwys en opleiding van die epileptiese kind. Referaat  
gelewer by die Nasionale Konferensie oor Epilepsie, 28 September 1967.  
(Pretoria, die Liga, 1967).
- 28 S.A. Inter-departmental committee on deviate children. Report. Pretoria,  
Government Printer, 1945. U.G. No. 30/1945.
- 29 WRIGHT, G.N., GIBBS, F.A. and LINDE, S.M. Ed. Total rehabilitation of epi-  
leptics. Washington, U.S. Department of Health, Education and Welfare,  
Office of Vocational Rehabilitation, 1962.
- 30 VERHÖEF, W. en ROOS, W.L. Die Doel en eksperimentele opset van Projek Ta-  
lentopname. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 31 WECHSLER, D. The Measurement and appraisal of adult intelligence. London,  
Bailliere, Tindall & Cox, 1958.
- 32 ROOS, W.L. Die 1965-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswe-  
tenskaplike Navorsing, 1970.

## ANDER RGN-PUBLIKASIES

### INLIGTING

Humanitas/n Semesterpublikasie van die RGN/R1,50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/  
Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/R0,55

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika  
1968/1969/R2,75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse  
universiteite I (UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/R1,10

IN-4/Waardebepalings van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/  
1970/R0,55

IN-7/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe  
in Suid-Afrika/1970/R1,15

IN-8/Sauer, G. en Stimie, C.M./Algemene inligting/1970/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/  
1970/R3,25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteits-  
opleiding/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in South Africa/1970/R0,50/(slegs Engels)

### KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die  
situasie in Suid-Afrika/1970/R1,35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na  
die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R0,40

### MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/R0,35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/R0,30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradeerde/1969/R0,50

MM-4/Redelinghuys, H.J./n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswana-  
tuisland/1970/R0,90

MM-12/Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op  
30 September 1967/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Kleurling-  
mannekrag, 1973/1970/R0,35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke  
Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

MM-15/Meij, L.R./Die bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande/1970/R1,85

MM-16/Terblanche, S.S./Die verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomiese bedrywige Blanke in 1960/R1,00

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50

MM-18/Boshoff, F./Die rol van lone in die volkshuishouding/1971/(in druk)

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50

MT-1/Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/RD,65

MT-2/Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/RD,70

MT-3/Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/RD,50

MT-4/Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd sesseuns/1970/R0,55

MT-5/Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/RD,50

#### SOSIOLOGIE

S-1/Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2/Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H. van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Doso- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3/Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4/Grove, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/RD,90

S-5/Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6/Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7/Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudkostes van die gesin/1970/RD,55

S-8/Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/(in druk)

S-9/Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egsare. Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by die pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dows in Transvaal/1971/(in druk)

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40/ (slegs Engels)

#### TAAL, LETTERE EN KUNS

Nienaber, P.J./Suid-Afrikaanse Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1970/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis



**ISBN 0 86965 018 1**  
**(English Edition ISBN 0 86965 019 X)**